


# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 7, No. 6

Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## Waarvoor om na uit te kyk in 2009

Ons by die *Wêreld van Môre* is “wagters” van die Almagtige God. Met God se leiding is ons bevoeg om u te waarsku oor *spesifieke* gebeure wat binnekort sal plaasvind betreffende wêreld-aangeleenthede. Die Bybel praat oor en oor van die “laaste dae” – die “tyd van die einde”. Ons bevind ons nou *in* daardie tyd. Gebeure wat lank terug voorspel is om te gebeur, is opsigtelik besig om te “versnel” terwyl ons Christus se Wederkoms na hierdie aarde as Koning van konings, nader.

Wat *is* sommige van die *spesifieke* gebeure waarvoor ons op die uitkyk moet wees namate die **einde** nader?

Eerstens, **indien** u verstaan dat die VSA, die Britte en hulle afstammeling die moderne “Israelitiese” nasies is, behoort u te besef dat daardie nasies *verneder* gaan word aan die einde van hierdie tydvak. Ons nasies was geseën met *ontsagwekkende* fisiese seëninge oor die laaste 200 jaar. Ons mense het egter ons *rug gekeer* op God. Derhalwe, in profesie na profesie, voorspel God se geïnspireerde woord 'n reeks strawwe wat eersdaags oor ons gaan kom as ons nalaat om te bekeer – as ons ons nie wend tot die God van die Bybel, die *ware* God, nie. Indien u dit nie alreeds gedoen het nie, moet u *verseker* aan ons skryf of ons bel en 'n kopie

aanvra van ons uiters belangrike boekie wat handel oor hierdie onderwerp: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Dit sal **heeltemal gratis** aan u gestuur word indien u dit versoek.

In 'n grondliggende profesie wat aan ons voorvaders gegee was, sê God: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie geboeie nie doen nie; en as julle My insettinge verwerp, en as julle siel van My verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al My geboeie doen nie en My verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die toring en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet” (Levitikus 26:14-16).

Let op dat hierdie nasionale tugtiging sal kom as ons God se geboeie en Sy insettinge “verwerp”. Twyfel enigeen daaraan dat die leiers van die VSA en Brittanje meedoënloos besig is om *God se Wet en Sy weg* te verwerp as basis vir ons nasionale en persoonlike lewenswyse? God waarsku dat Hy as gevolg hiervan eerstens “verskrikking” oor ons sal “beskik”. Op 11 September 2001 is ons aandag gevestig op 'n reeks terroriste-aanvalle. Sulke dade van terreur sal voortgaan – *en vererger* – soos wat die jare

verloop. Ons moet dus "waak en bid" soos Jesus Christus ons aangesê het (Lukas 21:36).

'n Ander sleutel area om in 2009 en daarna voor "uit te kyk", sal die afwisselende *droogtes* en **veldbrande** in sommige gebiede wees, en verskriklike *storms* en **oorstromings** in ander gebiede. Ons het verlede jaar 'n voortsetting gesien van sommige van hierdie "natuur"-**r a m p e**, m e t h e w i g e oorstromings weer in New Orleans, ander dele van Louisiana, en Texas. Ons het ook verskriklike **veldbrande** gesien wat Suidelike Kalifornië in Oktober 2007 verwoes het asook hoe die **ergste droogte** in dekades groot gedeeltes van Georgia, Noord en Suid Karolina, Tennessee en Kentucky geaffekteer het.

In 'n tweeledige profesie, wat verseker na ons huidige tydperk verwys, waarsku God: "Alhoewel Ék die **reën** van julle **teruggehou** het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE" (Amos 4:7-8). Daar sal dus *te veel reën* wees in sekere gebiede en verskriklike **droogtes** in ander gebiede – *tensy ons berou tot bekering het*.

Vervolg op bladsy 27

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Waarvoor om na uit te kyk in 2009

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Die eenvoudige waarheid oor Homoseksualiteit 3

"Alle kerke wat ons veroordeel sal gesluit word ... Ons sal julle seuns sodomiseer ... Ons sal hulle verlei in julle skole, in julle slaapsale, in julle gimnasiums, in julle kleedkamers, in julle sportareas, in julle lesingsale, in julle jeuggroepe ..."

#### Waarom vir ewig lewe? 10

Indien daar 'n lewe na die dood is, wat is die doel daarvan? U kan weet!

#### Waarom reik ons na dwelms 15

Is daar 'n verlore dimensie in ons lewens? Waarom reik so baie mense na dwelms vir 'n antwoord? Wat behoort u te doen?

#### Behoort Christene die Sabbat te onderhou? 19

Kan 'n Christen maar op enige dag aanbid? Behoort Christene enige spesiale dae uit te sonder as gewyd of heilig?

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 23

#### Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:  
[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)  
 of vir Engelse literatuur:  
[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

### Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Strekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

#### KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

#### FILIPPYNSE EILANDE:

MCPD Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

#### BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die eenvoudige waarheid oor Homoseksualiteit

Deur Roderick C. Meredith

“Alle kerke wat ons veroordeel sal gesluit word ... Ons sal julle seuns sodomiseer ... Ons sal hulle verlei in julle skole, in julle slaapsale, in julle gimnasiums, in julle kledkamers, in julle sportarene, in julle lesingsale, in julle jeuggroepe ..”.

Toe “gay-aktivis” Michael Bronski hierdie skokkende stellings in Boston se *Gay Community News* in Februarie 1987 neergepen het, het hy dit bestempel as “'n wrede fantasie; 'n uitbarsting van innerlike woede”. Ondersteuners het sy woorde afgemaak as blote “satire” of spotskrif.

*Dink daaraan!* Indien omtrent enige ander beweging sodanige buitensporige stellings kwytergeraak het, sou dit vermy – of selfs verban en vinnig tot niet gemaak gewees het. Nogtans het die baie slim leiers van die homoseksuele beweging bykans ongeëwenaarde sukses behaal om hul lewenstyl en hul doelstellings aanvaar te kry, terwyl hulle die basiese struktuur van Amerikaanse lewe – die huisgesin, kinders, 'n normale huislike lewe en alles waarvoor dit staan, aanval. Homoseksuele aktiviste het ongeëwenaarde

invloed oor die media verkry. Nou verkry hulle selfs nog meer mag deur die howe, deur ons skole en kolleges en selfs in die kerke!

Wat probeer hulle bereik? Jesus Christus het gesê: “Aan hulle **vrugte** sal julle hulle ken” (Mattheüs 7:16). Wat *is* die werklike “vrugte” – die *gevolge* – van 'n homoseksuele lewenswyse? Homoseksuele propageerders probeer om hierdie onderwerp te vermy of te verdraai, maar elke eerlike navorser sal erken dat die gemiddelde manlike homoseksueel in sy leeftyd omtrent 50 seksmaats het! Dit is minstens *twaalf keer* meer as die gemiddelde heteroseksuele man. Hierdie veelvuldige sekseskapedes van die homoseksuele – dikwels in openbare badkamers en toilette met mans *wat hulle nie eens ken nie* – loop uit op die verspreiding van VIGS en ander siektes teen 'n *veel hoër tempo* as onder heteroseksuele persone. Soos Dr. Jeffrey Satinover, M.D. berig in sy uitstekende en goeie nagevorsde boek, *Homosexuality and the Politics of Truth*, “homoseksuele mans is buite verhouding vatbaar vir 'n

groot klomp ernstige en soms dodelike infeksies, veroorsaak deur die indringing van stoelgang in die bloedstroom. Hierdie infeksies sluit in Hepatitis B en 'n hele aantal andersins seldsame toestande, soos shigellosis en *Guardia lamblia* infeksie wat gesamentlik bekend staan as 'Homofiel (Gay) dermsindroom'. 'n Belangrike oorsig-artikel som dit so op: 'As gevolg van hul groter getal seksmaats en seksuele praktyke soos anilingus en anale geslagsomgang, het homoseksuele mans 'n besondere groot kans op besmetting met Hepatitis B, giardiasis, amebiasis, shigellosis, campylobacteriosis en anorektale infeksies met *Neisseria gonorrhoeae*, *Chlamydia trachomatis*, *Treponema pallidum*, herpes simpleks virus en menslike papillome virusse” (bl. 67-68).

*Satinover* – 'n hoogaangeskrewe mediese dokter en psigoanalise – demonstreer duidelik dat homoseksuele aktiwiteite tot 'n groot aantal ernstige siektes en ander fisiese probleme lei, asook 'n baie korter lewensduur. Vriende en familieledes van

homoseksuele betoon aan hulle 'n groot dosis *liefde* – en “haat” hulle nie – indien hulle hul kan help verstaan watter onherstelbare skade hulle perverse lewenstyl aan hulle doen en hulle kan help om dit vaarwel toe te roep.

Wees eerlik – wat kan die “vrugte” of gevolge wees indien **elkeen** 'n homoseksuele lewenstyl beoefen? Watter *soort* lewens sal die mans en vrouens van hierdie wêreld leef?

### **Absolute waardeloosheid!**

### **Die werklike doel van u lewe**

Die Ewige God het mans en vrouens na Sy beeld geskape (Genesis 1:26). Hy het ons manlik en vroulik gemaak. Een van God se eerste take was om die *huwelik* tussen man en vrou as die basiese struktuur van die menslike samelewing in te stel. “Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees” (Genesis 2:24).

In die begin was die vrou spesifiek geskape *vir* die man; om hom te help en te vertrou, om sy beminde te wees, sy maat en die *moeder* van sy kinders. Die meeste gelowe en alle ordentlike gemeenskappe het dit vir duisende jare erken. Vir bykans almal van ons, was dit die *basis* van ons huislike lewe en die *grondslag* van die ontsagwekkende fisiese vervulling van die mensdom.

En, toe betree die homoseksuele aktiviste die terrein. Hulle wou 'n samelewing skep wat fundamenteel so wanordelik is dat toenemende

miljoene mense aan VIGS en ander sodanige siektes sterf. Klein kindertjies – **indien daar enige is** – sal geen normale huise of gesinslewe hê nie. *Indien* enige nasie natuurlik werklik die volle homoseksuele agenda aanvaar, sal die bevolking baie gou uitgedun wees, met die oorlewendes al meer sieklik en sterwend. Baie gou sal 'n jonger, “honger” nasie die sterwende nasie oorwin en so hul selftoegediende ellende beëindig. Ons het hierdie patroon gesien in die agteruitgang van samelewings soos antieke Griekeland en Rome.

Ons weet tog immers van beter! Ons lewende Skepper het ons “na Sy beeld” gemaak. Deur ons in hierdie lewe lesse te leer en ons te lei deur Sy Heilige Gees, berei God ware Christene voor om *volle lede* van Sy “gesin” te wees. Jesus Christus word **immers genoem**, “die *eersgeborene* ... onder baie broeders” (Romeine 8:29). God beveel Sy volk om **nie** die afstootlike gebruike van hierdie wêreld na te volg nie. Hy sê intendeel: “Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My **seuns** en **dogters** wees, spreek die Here, die Almagtige” (2 Korinthiërs 6:17-18).

In teenstelling daarmee, sal die werklike agenda van die homoseksuele aktiviste lei tot 'n *algehele herorganisering* van ons ganse samelewing! Dit sal uiteindelik alle spore van ware Christelikheid uitwis. Die

seksuele afwykendes wat die homoseksuele beweging lei, mik na **baie meer** as wat meeste mense ooit kan besef. Nogtans gaan die liberale media, die politici en opvoeders so ewe saam met hulle!

### **Is homoseksuele werklik “so gebore”?**

Moontlik die mees vernietigende *veronderstelling* rakende homoseksualiteit is die voortdurende vloedgolf van propaganda wat deur die homoseksuele aktiviste versprei word dat hulle “so gebore” is, dat hulle “hulself werklik nie kan help” nie. Dat – selfs met berading, terapie of opregte Christelike bekering – hulle “nie kan verander” nie.

### **Wat is egter die werklike feite?**

Lees die volgende opmerkings van A. Dean Byrd sorgvuldig, wat hy vir die Nasionale Assosiasie vir Navorsing en Terapie van Homoseksualiteit geskryf het: “Dr. Francis S. Collins, een van die wêreld se toonaangewende wetenskaplikes wat aan die snykant van DNA werk, het tot die gevolgtrekking gekom dat 'daar 'n onontkombare komponent van oorerflikheid is in baie menslike gedragsneigings. Vir bykans nie een van hulle is oorerflikheid ooit naastenby bepalend nie'. ... Soos Dr. Collins sal saamstem, kan die omgewing die invloed van die gene beïnvloed en vrye keuse sal die reaksie bepaal op die ontvanklikheid wat teenwoordig is. Dr. Collins het al die navorsing oor homoseksualiteit bondig

saamgevat en bied dit as volg aan: 'Die genetiese basis van homoseksualiteit is 'n area van besondere sterk openbare belangstelling. Bewyse van die bestudering van tweeling ondersteun wel die gevolgtrekking dat oorerflikheid 'n rol speel in manlike homoseksualiteit. Die moontlikheid dat die identiese tweelingbroer van 'n homoseksuele man ook homofilies sal wees, is egter omtrent 20% (vergeleke met 2 tot 4% van mans in die algemene bevolking), en dui aan dat seksuele oriëntasie geneties beïnvloed kan word maar dat dit nie deur die DNA vasgelê is nie en dat watter gene ook al betrokke mag wees, dit slegs 'n predisposisie verteenwoordig en nie 'n bepalende faktor is nie'" (*Homosexuality Is Not Hardwired*, April 2007).

Hierdie agtenswaardige wetenskaplike erken dat seksuele oriëntasie 'n persoon se genetiese samestelling mag "beïnvloed". Dit is egter slegs 'n "ontvanklikheid" en **nie** vooraf bepaal nie.

Ten spyte van sosiale druk om hierdie belangrike feit te verwerp, is 'n noemenswaardige getal wetenskaplikes, mediese dokters en ander kundiges gewillig om vryelik te erken dat niemand "gebore is" om homoseksueel te wees nie.

Die Universiteit van Colombia se professor in Psigiatrie, Dr. Robert Spitzer, was instrumenteel om homoseksualiteit in 1973 van die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie se lys van

geestesversteuringe te verwyder. Hy het 'n studiestuk geskryf wat in Oktober 2003 in *Archives of Sexual Behavior* gepubliseer is. Hy voer aan dat mense hulle "seksuele oriëntasie" van homoseksueel na heteroseksueel kan verander. Spitzer het onderhoude gevoer met meer as 200 persone, waarvan die meeste beweer het dat hulle deur helende terapeutiese berading, hulle begeertes na dieselfde geslag sekmaats of aansienlik verminder het, of dat hulle heeltemal verander het na 'n heteroseksuele oriëntasie.

"Hoewel hy nog steeds 'n voorstander van homoseksuele aktivisme is, is Spitzer ongenadiglik aangeval deur voormalige bewonderaars, vir hierdie verbreking van die ideologie dat 'mense homoseksueel gebore word en nie kan verander' nie. Onveranderlikheid is 'n sentrale beginsel in die eise om 'homoseksuele regte' en 'homoseksuele huwelike'. Omdat geen enkele studie beskou kan word as deurslaggewend nie, behoort meer navorsing gedoen te word op mense wat homoseksualiteit oorkom het. 'n Aansienlike getal voormalige literatuur oor die verandering van h o m o s e k s u e e l n a heteroseksueel is saamgestel en die blote getal afwykings van die 'gebore as homoseksueel' teorie behoort as waarskuwing vir navorsers en die media te dien dat daar met versigtigheid voortgegaan moet word voordat verklaar kan word dat die wetenskap 'bewys' het dat

homoseksualiteit geneties is" (*Born or Bred?*, Junie 2000).

Laastens, lees die volgende noukeurig; "Baie leke glo nou dat homoseksualiteit deel is van wie 'n persoon werklik is vanaf die oomblik van bevrugting. Die 'geneties en onveranderlike' teorie is aktief deur die homoseksuele aktiviste en die populêre media bevorder. Is homoseksualiteit werklik aangebore en 'n normale variant van die menslike natuur? Nee. Daar is geen bewys wat toon dat homoseksualiteit eenvoudig 'geneties' is nie. Nie een van die navorsers beweer ook dat daar is nie. Slegs die pers en sommige navorsers doen dit wanneer hulle eintlik onverstaanbare inligting aan die publiek gee ... Voordat ons egter die besonderhede oorweeg, hier is wat ernstige wetenskaplikes dink van die nuutste genetica-van-gedrag navorsing. Uit *Science*, 1994: 'Wetenskaplikes het van tyd tot tyd beweer dat sekere gene of chromosomatiese gebiede verbind is aan gedragsneigings, net om weer hulle bevindings terug te trek omdat dit nie herhaal kon word nie'.

"Ongelukkig", sê Yale se [Dr. Joel] Gelernter, "is dit moeilik om baie" bevindings te kry wat spesifieke gene met komplekse menslike gedrag verbind en wat herhaal kan word. "... Dit was alles met groot geskal aangekondig; alles was onvoorwaardelik in die populêre pers begroet; en alles het nou in oneer verval".

"Navorsers se openbare verklarings in die pers is dikwels hoogdrawend en vergesog.

Wanneer hulle egter die wetenskaplike gemeenskap antwoord, praat hulle baie meer versigtig. 'Gay gene' navorser Dean Hamer, was deur die *Scientific American* gevra of homoseksualiteit uitsluitlik in biologie gesetel is. Hy het geantwoord: "Verseker nie. Uit bestudering van tweelinge, weet ons reeds dat die helfte of meer van die veranderlikes in seksuele oriëntasie nie oorerflik is nie. Ons studies poog om die genetiese faktore vas te stel ... nie om die psigososiale faktore te weerspreek nie" (*Is There a 'Gay Gene'?*, *National Association for Research And Therapy of Homosexuality*, September 2004).

Selfs die "aktivis" homoseksuele navorsers erken dikwels – soos Dr. Hamer erken in bogemelde aanhaling – dat "seksuele oriëntasie nie oorerflik is nie!" *Dink!* Indien homoseksuele werklik "so gebore is", sal dit mos baie "onregverdig" vir die God van die Bybel wees om homoseksuele praktyke te verdoem. Hy sou **verkeerd** wees om homoseksuele toegang tot Sy Koninkryk te weier, wat die Bybel duidelik toon die geval is (1 Korinthiërs 6:9-11). Die verskeie voorbeelde in die Bybel van God se gramskap teen homoseksuele praktyke sou 'n onregverdige God uitgebeeld het!

Homoseksuele is egter **nie** "so gebore" nie! Alkoholiste is **nie** "so gebore" nie! Dwelms-verslaafdes, kindermolesteerdes of *enige ander* sondaars is ook **nie** "so gebore" nie! Andersins

sou God **onregverdig** wees deur hulle te beveel om te **bekeer** en te **verander**. Hy sou die krag van die Heilige Gees moes vervals om *enigee* daardeur te help om sonde te oorwin!

God is **nie** onregverdig nie! Hy sê aan ons deur die apostel Jakobus: "Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word" (Jakobus 1:13-14).

Waarlikwaar, God het niemand "gemaak" om 'n homoseksueel te wees nie. Om te beweer dat Hy dit wel gedoen het, sou nie net *geweldig verkeerd* wees nie, dit sou grens aan **laster**.

Onthou, ons behoort nie die jammerlike, deurmekaar mense wat verward is oor hul seksuele identiteit, te haat nie. Ons behoort eerder *vir hulle te bid* en te probeer om hulle te help indien hulle gewillig is om gehelp te word. Ons "help" hulle egter nie werklik as ons die **vals** ideologie **aanvaar** wat deur die homoseksuele aktiviste gepropageer word nie. In hulle skaamte en hulle begeerte om "aanvaarding te verkry," versprei hulle 'n voortdurende stortvloed van waninligting in 'n poging om die publiek te oortuig dat hulle maar "net soos elke ander mens is" en dat homoseksuele gedrag "aanvaarbaar" is.

Die homoseksuele aktiviste en hulle meelopers in die media probeer desperaat om die

gruwelike gevolge van homoseksuele gedrag te verbloem, soos dit die geval is met VIGS en baie ander **lewensbedreigende** en lewensverkortende siektes en ongesteldhede asook in die *diepe wanhoop* en geweldige hoë vlakke van *selfmoord* in die homoseksuele gemeenskap. Homoseksuele mense benodig God se hulp om "te ontsnap" uit daardie **sondige** en vernietigende gedrag.

### WIE besluit wat is reg en wat is VERKEERD?

Miljoene belydende Christene besef nie dat die **werklike** geskilpunt hier is of 'n **werklike**, persoonlike God ons geskape het en beheer oor ons lewens het, en of die Boek wat ons die Heilige Bybel noem, in der waarheid die **Skepper se "Handleiding"** is en dat dit werklik deur God geïnspireer is nie. Terwyl die **einde** van hierdie huidige tydvak vinnig nader, is dit noodsaaklik dat ons die korrekte antwoorde op hierdie twee vrae aan onself bewys, en dat ons volgens daardie kennis **handel!**

*Indien* ons werklik in die slym van die oseane "ontwikkel" het uit verliefde amoebas, heeltemal los van 'n werklike Skepper, dan mag ons "vry" voel om ons te vergryp aan seks buite die huwelik, **egbreek**, **homoseksualiteit**, "groep-huwelike", bestialiteit, kindermolestering, moord, marteling en enigiets anders wat ons vleeslike denke mag bedink. Die fisiese strawwe van VIGS (en 'n duisternis ander siektes en

ongesteldhede) – insluitend 'n grootliks verkorte lewensverwagting – moet natuurlik alles in berekening gebring word. In ons oorgeseksualiseerde “nou”-generasie, wat **onmiddellike bevrediging** van al ons drange en fantasieë vereis, sal selfs daardie geweldige strawwe baie onnadenkende individue nie verhinder om onmiddellike “bevrediging” te soek nie.

**Indien** die God van die Bybel egter werklik “in beheer” is van die opkoms en verval van nasies en indien Hy 'n verhewe **doel** vir ons lewens het, sal dit ons baat om **aandag te gee** aan wat die Bybel werklik sê. Ek is *geskok* oor die eensydige inligting – en selfs **waninligting** – wat dikwels deur misleide individue gepubliseer word wanneer hulle ons kastig vertel wat die Bybel oor homoseksualiteit te sê het. **Ondersteuners** van homoseksualiteit verwys gewoonlik slegs na geïsoleerde Skrifgedeeltes en “dryf die spot daarmee”. Enige *eerlike* persoon behoort egter gewillig te wees om na die **konsekwente veroordeling** van homoseksualiteit *regdeur die hele Bybel* te kyk. Slegs dan sal mens werklik tot 'n dieper kennis van die “denke van God” oor hierdie onderwerp kom.

Weet u dat die Bybel duidelik leer dat diegene wat betrokke is in homoseksualiteit **kan verander**? In sy brief aan die Christene in die uiters geseksualiseerde atmosfeer van antieke Korinthe, verduidelik die apostel Paulus,

“of weet julle nie dat die onregverdige die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienswaarders of egbrekers of *wellustelinge* [homoseksuele] of *sodomiete* of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. En *dit was sommige van julle*; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God” (1 Korinthiërs 6:9-11).

Die Gees van die Almagtige God het **algehele mag** om *enigee* te help om uit homoseksualiteit, alkoholisme, dwelmmisbruik of enige ander verslawing of perversie te kom! Soos Paulus aandui, “sommige” van daardie Christen Korinthiërs was “sodomiete”, maar het hulle “laat afwas” en hulle is “geheilig” deur die Gees van God. Oor en oor, op baie verskillende maniere, vertel God se geïnspireerde Woord aan ons dat, met God se hulp, 'n opregte Christen *enige* sonde kan oorwin. Soos God die apostel Paulus geïnspireer het om aan ons te sê: “Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra” (1 Korinthiërs 10:13).

## Is homoseksuele gedrag SONDE?

Is homoseksuele gedrag egter 'n volslae **sonde** teen God en die manier waarop Hy ons geskape het? *Natuurlik is dit!* Ons het so pas gelees dat almal wat homoseksualiteit beoefen, “die Koninkryk van God *nie* sal beërwe nie”. Verder beskryf God in *baie duidelike taal* die beroemde filosowe van Griekeland en Rome: “Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle **dwaas** geword. Daarom het God hulle oorgegee aan **skandelijke hartstogte**, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulle self die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenning te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie” (Romeine 1:22, 26-28).

God het aan die onbekeerde nasie van antieke Israel gesê: “Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n **gruwel**. En jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee te doen te hê nie. Dit is 'n gruwelike

vermenging. Verontreinig julle nie deur al hierdie dinge nie, want deur al hierdie dinge is die heidene verontreinig wat Ek voor julle uit verdryf. So het die land dan onrein geword; en Ek besoek sy ongeregtigheid daaraan, sodat die land sy inwoners uitspuug” (Levitikus 18:22-25).

Dit is duidelik dat God aan ons vertel dat sodanige praktyke – *indien* dit deur die hele nasie versprei – die nasie heeltemal sal vernietig en God se *direkte straf* oor so 'n sondige volk sal bring. Derhalwe behoort ons as 'n *nasie*, ons opreg te **bekeer** as ons hierdie leefstyl aanvaar – en Hom vra om ons te help om werklik na Hom terug te keer **voordat dit te laat is!**

Hier is dit belangrik om uit te wys dat Christene – wat die potensiaal van die Heilige Gees en God se hulp het – **nie** mag oordeel vel oor homoseksuele of oor enigiemand anders nie! Christene is “vreemdelinge en pelgrims” in 'n gemeenskap wat hoofsaaklik aan Satan die Duiwel behoort (2 Korinthiërs 4:4). Ons **mag** nie van hierdie wêreld wees nie, nog minder deel hê aan die oordele en oorloë daarvan. Soos Jesus sê: “My koninkryk is **nie** van hierdie wêreld nie; as My koninkryk van hierdie wêreld was, sou My dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is My koninkryk nie van hier nie” (Johannes 18:36).

Daarenteen, wanneer ons individue teëkom wat betrokke is in sondige gedrag soos die

misbruik van alkohol, dwelm misbruik of homoseksualiteit, moet ons *probeer om hulle te help*. Ons behoort vir hulle te bid en ons behoort na hulle uit te reik *indien* hulle belangstel om te verander. Ons moet probeer om die insig en wysheid te ontwikkel wat nodig is om hulle uit die gruwelike probleme waarin hulle betrokke geraak het, te kom. Net soos daar groepe opregte persone is wat alkoholiste en dwelmverslaafdes help om hul probleme te oorkom, is daar ook terapeute en ondersteuningsgroepe wat hulself daaraan toewy om homoseksuele persone te help om *uit* daardie veragtelike leefstyl *te kom*. Ons behoort enigeen wat begerig is om uit homoseksualiteit “te ontsnap”, aan te moedig om dit te doen.

### Daar is 'n “ontsnaproete”

In sy voorgemelde boek oor homoseksualiteit, beskryf Dr. Satinover 'n hele aantal organisasies wat sukses behaal het deur individue te help om uit die homoseksuele lewenstyl te kom en om naastenby na die “normale” terug te keer. Baie voormalige homoseksuele is sedertdien getroud, het kinders en 'n gelukkige gesinslewe (*Homosexuality and the Politics of Truth*, bl. 204-209). Satinover beskryf een tipiese groep wat besondere sukses behaal het deur “diepgaande psigologie in hoofsaaklik groepsverband, met helende gebed te kombineer. Deelnemers gaan 'n minimum

van agt maande 'n verbintenis aan met 'n klein groepie wat gefokus is op seksuele bevryding in Christus. Berger berig dat vir individue wat volhou en vir die lang termyn verbind bly aan die proses, die suksessyfer meer as 80% is” (bl. 204). Dit is slegs een van baie bewyse – soos bevestig kan word deur mediese dokters, sielkundiges en sosioloë wat saam met hierdie groepe gewerk het – dat hulp werklik beskikbaar is aan almal wat uit die homoseksuele lewenstyl wil kom!

Ek persoonlik wil graag aan almal van u sê wat betrokke is by homoseksualiteit: “God **het** u werklik lief!” God is die Skepper van elkeen van ons. *Alle* mense is geskape na Sy beeld. *Almal* is geskape met die potensiaal om ten *volle seuns* van God te wees. Die Bybel vertel ons dat “almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om **kinders van God** te word, aan hulle wat in sy Naam glo” (Johannes 1:12). God **is** 'n gesin. U Vader wil graag hê dat u *deel* van daardie gesin moet wees en Hy het spesiale belang daarby **indien** u gewillig is om aan uself te bewys dat Hy bestaan – en *indien* u gewillig is om Sy geïnspireerde woord te *gehoorsaam*.

*Die prys is hoog!* God het egter *absolute* uitgaande besorgdheid vir ons wat Hy bewys het deur Sy eniggebore Seun **te gee** om vir elkeen van ons te sterf (Johannes 3:16). Hy het *belowe* om Sy Heilige Gees aan ons te skenk as ons berou tot bekering het en gedoop word



(Handelinge 2:36-38). Die Heilige Gees is die ware *denke* en *karakter* van God wat in ons ingeplaas word wanneer ons werklik **berou tot bekering** het en *Christus* as ons Redder, ons Heer en Meester, ons Hoëpriester en binnekort ons toekomstige Koning, *aanneem*.

Deel daarvan om uit homoseksualiteit te “ontsnap” behels om u geheel en al te distansieer van hierdie hele praktyk en van betrokkenheid met daardie mense wat u weer daarin kan “terugsleep!” Die Skrif sê aan ons: “**Vlug** vir die hoerery [seksuele ontug]. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery [seksuele ontug] bedryf, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort” (1 Korintiërs 6:18-20).

Onthou, u hou **nie** op met rook deur “rond te hang” saam met ander rokers of om sigarette “byderhand” te hou *net ingeval* u weer lus het vir 'n rokie nie. U behoort dit nie “maklik” te maak om maar weer terug te val in u ou gewoontes nie. Die selfde beginsel geld vir homoseksualiteit. Vir *u eie beswil*, dink hieraan en *tree op!* Onthou ook altyd, daar wag 'n **ontsaglike beloning** vir diegene

wat werklik begeer om die God van die skepping te dien en aan Sy wil te voldoen!

Elkeen van ons behoort bereid te wees om “alles op te offer” ten einde die opstanding uit die dode te haal. Of dit uitkoms uit homoseksualiteit – alkoholisme, dwelmverslawing of bloot net *selfsugtigheid* behels – elkeen van ons *moet* gewillig wees om *ons deel heelhartig te doen*. Daarvoor is ons hulp *belowe* van 'n liefdevolle Vader en 'n genadige Hoëpriester *wat op hierdie oomblik* aan die regterhand van God sit en wat meer as gewillig is om ons gebede te verhoor (Hebreërs 4:14-16). Dus, laat ons almal mekaar **liefhê** en vir mekaar **bid**. Ons behoort 'n diepe uitgaande besorgdheid vir ons homoseksuele familie en bekendes te hê en opreg te begeer om hulle op enige manier ook al te help.

Lesers wat hierdie tydskrif vir 'n geruime tyd reeds lees sal verstaan dat die Amerikaners en die nasies van Britse afkoms *wonderbaarlik* deur God geseën is, omdat hulle van Sy geboortereg volke is.

Desnieteenstaande, in 'n kragtige profesie wat aan ons voorsate gegee maar *verseker vandag op ons van toepassing* is, waarsku die Almagtige God ons: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie geboeie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n

afsku het, sodat julle nie al my geboeie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: *Ek sal verskrikking* [terreur] *oor julle beskik*: die *tering* en die *koors* wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook *tevergeefs julle saad saai*, want julle vyande sal dit opeet ... *En Ek sal julle trotse mag verbreek*, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie” (Levitikus 26:14-20).

Indien ons, as 'n volk, volhou om diegene onder ons in gesagsposisies te bevestig, dit te wettig en hul selfs “geluk te wens”, wat 'n lewensweg beoefen wat God 'n “gruwel” noem, dan *behoort ons te verwag* dat 'n liefdevolle God ons sal **tugtig** met toenemende “verskrikkinge” – of **terroriste aanvalle** – soos bogemelde profesie aantoon, met verwoestende *siekte-epidemies*, *afwisselende droogtes* en *oorstromings, veldbrande* en groot *aardbewings*. God sal inderdaad ons nasionale trots en mag “verbreek”, *tensy ons werklik berou tot bekering toon*.

*God laat Hom nie bespot nie!* Mag Hy elkeen van ons help om werklik te verstaan en om terug te keer na Sy weë terwyl ons nog die geleentheid het! **WVW**

# Waarom vir ewig lewe?

Deur Rod McNair

*Indien daar 'n lewe na die dood is, wat is die doel daarvan? U kan weet!*

Sal u vir ewig leef? Baie mense glo dat hulle sal, maar het u uself al ooit afgevra: “Vir watter rede?” Is daar 'n groot doel vir die lewe, nou en vir ewig? Is daar 'n rede om te bly leef tot in ewigheid? Indien wel, bevat die Bybel enige leidrade nie net vir die *wat* van die hiernamaals nie, maar ook vir die *waarom*?

Die debat oor lewe na die dood woed al vir duisende jare en is vandag nog net so belangrik as eeue gelede. 'n Studie wat in 1991 deur die *Internasionale Sosiale Opnameprogram* gedoen is, het bevind dat 78 persent Amerikaners glo dat lewe na die dood óf “beslis” óf “waarskynlik” is. Daarteenoor was net 39 persent in Rusland en 14 persent in wat toe as Oos-Duitsland bekend gestaan het, oortuig van 'n hiernamaals. Die opname het bevind dat Amerikaners “meer as 25 persentasiepunte meer geneig was om in die hemel te glo as die Britte en Nieu-Seelanders, en meer as dubbel so geneig was om in die hel te glo”.

Wat glo mense egter gaan hulle in die hiernamaals doen? Sal hulle “eenwording” met die “wêreldsiel” verkry? Sal hulle opperste geluk smaak? Sal hulle eenvoudig net na die heerlijkheid van God bly staan? Baie

teenstrydige menings bestaan. Ons kan egter verby die menings kyk en uitvind wat God se woord oor die onderwerp te sê het!

## **Ewige lewe in die vlees?**

Vir baie jare al soek wetenskaplikes na maniere om die menslike lewensduur te verleng. Groot vordering is in die laaste eeu gemaak deur beter voeding en gesondheidsorg. Party wetenskaplikes soek egter eintlik na maniere om werklik “ewige lewe” in die vlees te behaal. Aubrey de Grey, stigter van *Strategies for Engineering Negligible Senescence*, glo dat hy “die sewe oorsake vir veroudering – en sewe soorte molekulêre of sellulêre skade – geïdentifiseer het, wat elk potensieel herstelbaar is deur tegnologie wat reeds bestaan of wat aktief ontwikkel word”.

Ander wetenskaplikes aanvaar die onvermydelikheid van die dood vir die huidige, maar poog om die ontbinding van die liggaam deur kriogenie te voorkom totdat beter tegnologie beskikbaar is. Vir 'n fooi van tussen R192 000 en R240 000 bied die Instituut vir Kriogenika aan om sy lede by hul afsterwe te “vries” in afwagting op beter genesingstegnologie in die toekoms. “Wanneer en

indien toekomstige tegnologie dit toelaat, hoop ons ledepasiënte om genees, verjonk, uit die dood opgewek en wakker te word tot 'n grootliks verlengde lewe in jeugdige goeie gesondheid, bevry van siekte of die verouderingsproses”.

Is dit werklik die uiteindelijke doel – om bloot fisiese lewe vir honderde jare te verleng? Wat van individue wat deur pyn, hartseer, berou en eensaamheid gefolter word? Die Bybel onthul dat vir die eerste 1,500 jaar of so van die mens se geskiedenis, die lewensduur oor die algemeen eeue lank was. Adam – die eerste geskape mens – het 930 jaar geleef; Set, sy seun, het 912 jaar geleef; Enos het 905 jaar geleef; Kenan 910 jaar; Mahalalel 895 jaar; sy seun Jered, 962 jaar en sy kleinseun Metusalag, 969 jaar (klaarblyklik is hy in die Vloed oorlede; sien Genesis 5:5-27).

Het hierdie lang lewens Utopië gebring met geluk en tevredenheid vir almal? Was daar vrede regdeur die wêreld? Nee! “Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak

het, en daar was smart in sy hart" (Genesis 6:5-6). 'n Verlengde lewe beteken op sigself nie 'n vervulde, doelgerigte lewe nie.

Mense het vanselfsprekend 'n natuurlike begeerte om die dood te probeer vermy of te ontglip. Ongeag ons pogings om ewige lewe in die vlees te skep, lees ons egter: "En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel" (Hebreërs 9:27). Die dood is waarlik 'n vyand van die mens (1 Korintiërs 15:26), maar die dood sal uiteindelik vernietig word. Menslike wesens se lotsbestemming is nie om vir ewig in die vlees te leef nie, maar diegene wat uit vrye wil hulle aan God en Sy weë onderwerp, kan vir ewig leef, danksy hul Verlosser, Jesus Christus. Jesus sê, Hy is "die weg, die waarheid en die lewe" (Johannes 14:6).

### Sluit aan by die "wêreldsiel"?

Presies wat is die doel van die ewige lewe? Is dit om op die een of ander wyse aan te sluit (of weer aan te sluit) by 'n kosmiese lewenskrag? Vir baie mense in die Westerse nasies is die idee van 'n "persoonlike" opstanding besig om grond te verloor ten koste van die Oosterse idees van geestelike. Boeddhistiese glo in die oopende reïnkarnasies; dit wat volgens skrywer Gregg Stebben "die ingewikkelde pad, deur die een betekenislose lewe na die ander heen, tot by nirwana, 'n toestand van vreugdevolle nietigheid, 'n kosmiese lugleegte", om "een te wees met die wêreldsiel" (*Everything You Need To Know*

*About Religion*, bl. 10). Toenemende getalle Amerikaners aanvaar 'n weergawe van hierdie leerstelling. Skrywer Bill Newcott wys daarop dat een onlangse opname getoon het 23 persent van AARP-lede glo in die een of ander vorm van reïnkarnasie. Volgens Jeffrey Burton Russell, professor emeritus in geskiedenis by die Universiteit van Kalifornië, Santa Barbara, verteenwoordig dit 'n ommekeer in Amerikaanse godsdiensooruigings. "Indien hierdie studie 50 jaar gelede gedoen was, sou die geloof in reïnkarnasie rondom 1 persent gewees het. Oor die algemeen het die tradisioneel duidelike Christelike visie van die hemel afgeneem, terwyl onduideliker visies aangaande die voortsetting van lewe die plek daarvan ingeneem het" (*Life After Death*, AARP *The Magazine*, Sep-Okt 2007).

Die idee om by afsterwe "een te word met die kosmiese essensie", doen al vir duisende jare die rondte. In antieke tye het party mense geglo dat die siele van hul konings met hul afsterwe die hemelliggame soos die planeete, maan en son ingevaar het. "Plutarg sê dat die Egiptiese priesters spesifiek onderrig het 'dat Kronus, Osiris, Horus en al hul ander hoofgode eenmaal blote mense was, maar nadat hulle gesterf het, het hul siele na een of ander van die hemelliggame gemigreer, en die lewewekkende geeste van hul nuwe hemel tuis te geword'" (*The Worship of the*

*Dead*, Garnier, bl. 14).

Die Bybel beskryf wel 'n groter eenheid met God, wat die heiliges sal bereik met die opstanding. Jesus Christus het vir Sy dissipels gebid: "En Ek het hulle die heerlijkheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees" (Johannes 17:22-23). Mense wat egter geestelike wesens word, sal ook bepaalde geestelike liggame en persoonlikhede hê. Hulle sal nie net deel vorm van 'n stomme, blinde kosmiese krag nie. Die apostel Paulus verduidelik wat sal gebeur met 'n persoon se liggaam wat in 'n graf in die grond begrawe is: "n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam" (1 Korintiërs 15:44).

Die ewige lewe gaan nie net oor omskakeling na 'n ander energie-toestand nie – dit gaan daarvoor om 'n werklike, gehoorsame verhouding te hê met 'n werklike, persoonlike God (Johannes 17:3)! Wat sal die heiliges egter vir 'n ewigheid doen?

### Om ewig te soek na geluk?

Is die verkryging van geluk moontlik die doel van die ewige lewe? Sal dit die hoogste roeping wees vir dié wat gered is? Baie mense glo so. Wie bepaal egter wat geluk is – en hoe dit bereik word?

Baie mense stel ewigdurende geluk gelyk aan sensuele, aardse genot – goeie

kos, mooi besienswaardighede en selfs seksuele bevrediging. Die antieke lere het geglo dat die goeie mense na hul dood reis na 'n "land van ewigdurende jeug, waar die son nooit agter die wolke is nie en al die lerse vrouens mooi is" (Stebben, bl. 16). Die Koran beskryf hoe Moslems die ewige lewe deurbring "op gestoffeerde banke, leun hulle agteroor gesig na gesig. Hulle word bedien deur onsterflike jongelinge met skottels, waterbekers en 'n koppie uit 'n suiwer fontein waarvan hulle geen hoofpyn of kranksinnigheid sal kry nie en vrugte wat hulle verkies asook vars vleis van pluimvee soveel as wat hulle begeer. [Daar is ook] mooi meisies met groot, lieflike oë soos verborge pêrels, as beloning vir wat hulle gedoen het" (Sura 56:15-24).

Sensuele genot in die hiernamaals – veral met betrekking tot seks – is 'n idee met wye aanhang. Die skrywer Newcott haal Barnard Kollege se professor van godsdiens, Alan F. Segal aan, wat geskryf het: "Amerikaners beskou die lewe na die dood as 'n baie dinamiese iets. Jy hoor nie juis van engele en vlerke, rondsit op wolke en musiek maak nie ... Hulle praat van humor in die hiernamaals, voortgesette ontwikkeling, verenigde gesinne – net soos 'n aftree-oord met geen finansiële vereistes nie ... 'n Klomp glo dat daar seks in die hiernamaals sal wees en dat dit meer genotvol sal wees".

Christus *het* gesê dat die toekoms vir die opgewekte

heiliges op die aarde sal wees, nie in die hemel nie, en dat dit opwindend en vervullend sal wees! In die gelykenis van die talente verwys Hy na die Koninkryk van God as die "vreugde van jou heer" (Mattheüs 25:21). In Mattheüs 5:5 leer Hy ons: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe" – nie die hemel nie! Openbaring 21 beskryf 'n "nuwe aarde" met die "heilige stad" wat neerdaal na die aarde, om vir ewig die woonplek van God te wees. Na Sy opstanding het Jesus in die menslike vorm aan Sy dissipels verskyn en het selfs 'n maaltyd van vis en heuning saam met hulle geniet (Lukas 24:42).

Die fisiese skepping sal 'n pragtige en genotvolle woonplek vir die opgewekte heiliges wees om saam met God te bly. Maar, om die sintuie te bevredig, sal nie die uiteindelijke doel wees van die opgewekte Christene wat op die aarde woon nie! Christus verduidelik, byvoorbeeld, dat seksualiteit nie deel van die opgewekte heiliges se ondervinding sal wees nie. "Want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel" (Mattheüs 22:30, verwys ook na Galasiërs 3:26-29).

Om in die Koninkryk van God – onder God se Wette en deur Sy Gees – te leef, sal 'n vreugdevolle ondervinding wees! Geluksaligheid op *sigself* sal egter nie die uiteindelijke mikpunt en doel vir die ewige lewe wees nie.

### Staar na heerlijkheid vir ewig?

Indien die uiteindelijke doel van die ewige lewe nie is om sintuiglike genot te bevredig nie, is dit dan om *geestelike* geluksaligheid te ondervind deur in God se gesig te staar of om vir altyd op wolke rond te sweef? In 1336 het Pous Benediktus XII die Rooms-Katolieke idee van die hiernamaals so beskryf: "En nadat so 'n intuïtiewe en van aangesig tot aangesig visie en genot begin het of reeds sou begin het vir daardie siele, het dieselfde visie en genot voortgeduur en sal dit voortduur sonder enige onderbreking en sonder einde tot en met die laaste Oordeel en van dan vir ewig" ("*Benedictus Deus: On the Beatific Vision of God*" *The Christian Faith and Doctrinal Documents of the Catholic Church*).

Om in God se gesig te kan kyk, sal 'n ontsagwekkende en opwindende ondervinding wees, soos die apostel Johannes verduidelik: "Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is" (1 Johannes 3:2). Om God die Vader op Sy troon te sien en om Jesus Christus te sien – wie se gesig soos die son skyn – sal verfrissend wees! Sal die heiliges egter eenvoudig net maar sonder ophou, vir alle ewigheid na Hulle staar?

Kommentator Anthony Hoekema merk op: "Die lewe in

die hemel klink gewoonweg vervelig, indien sommige van die beskrywings geloofwaardig is ... Hierdie toekomstige lewe word dikwels gesien as 'n ewige bestaan sonder liggame. Daar word ook aan gedink as “daarbo”, iewers in die ruimte, ver verwyder van hierdie aarde – eintlik 'n ontvlugting ... Moet ons dan die ewigheid in die ruimte deurbring, liggaamlose geeste wat van wolk na wolk sweef en eindeloos aan goue harpsnare pluk op 'n eindelose vakansiedag?” (*Heaven: Not Just an Eternal Day Off*, *Christianity Today*, 20 September 1985).

Die opstanding van die heiliges het tog sekerlik 'n groter doel as om net na God te staar, of om op wolke rond te lê. *Wat is daardie doel?*

### Geskape om te werk!

Om ons geestelike lotsbestemming te verstaan, moet ons die opdrag onthou wat God gegee het toe Hy die eerste mense op die aarde geplaas het. God het ten opsigte van Adam en Eva beslis, “laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip” (Genesis 1:26). Die menslike gesin was die *verantwoordelikheid* gegee om te heers oor God se skepping – om dit te bestuur. Op sy beurt moes Adam dit “bework en bewaak”. Hy en sy nageslag moes help met God se skeppingswerk deur die aarde te verbeter en te verfraai!

Adam het die toets van gehoorsaamheid gefaal en Satan, die Duiwel, was in staat om die hele mensdom te verlei en te verstrik (Openbaring 12:9). Maar, deur die werk van die Messias – Jesus Christus se lewe, offer, opstanding en Wederkoms – sal die Duiwel uiteindelik oorwin word (Openbaring 20:2, 10). Met Christus se Wederkoms sal die aarde terugkeer na 'n duisendjarige Paradysagtige toestand (Jesaja 51:3).

Wie sal God egter gebruik om die aarde te herstel? Die opgewekte heiliges! Die Skrif beskryf hul funksie baie duidelik: “[U] het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:10). God beveel Sy heiliges ook: “Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee” (Openbaring 2:25-26).

In die gelykenis van die ponde verduidelik Christus die leierskapspligte wat aan die opgewekte heiliges gegee sal word as 'n beloning vir hulle getroue diens: “En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak. En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede” (Lukas 19:16-17). Die heiliges se funksie sal wees om saam met Christus oor die aarde te heers (Openbaring 3:12, 21).

Soos kommentator Hoekema verduidelik: “... Die Ou

Testament dui aan dat die uiteindelijke lotsbestemming van die mens 'n aardse een is ... Volgens die gelykenis van die talente, was die heer se beloning aan die getroue diensknegte dít: 'oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel' (Mattheüs 25:21, 23) Om oor baie goed aangestel te wees, impliseer 'n bedrywige program van administratiewe aktiwiteite ... In hierdie ... gelykenisse behels die beloning wat belowe word nie luilekker rus nie maar diens”.

Wat sal egter gebeur na die algemene opstanding nadat die Millennium – die geprofeteerde duisendjarige Vrederyk van Jesus Christus hier op aarde – verstreke is? (Openbaring 20:4, 12). Wat sal die heiliges doen nadat gehoorsame, bekeerde mense verheerlik is en die verstokte sondaars tot as verbrand is in die poel van vuur? (Maleagi 4:3).

### Die Aarde ... en daarna!

God het die apostel Paulus geïnspireer om te skryf oor ons uiteindelijke lotsbestemming: “Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld waarvan ons spreek, nie onderwerp nie; maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlijkheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel” (Hebreërs 2:5-7). Die opgewekte heiliges sal nie net God help om oor die aarde te

heers nie; hulle sal ook die engele “oordeel” – regeer, of bestuur (1 Korinthiërs 6:2-3)!

Dit is nie al nie! Paulus skryf verder: “Alle dinge het U onder sy voete gestel” (Hebreërs 2:8). Wat bedoel Paulus met “alle dinge”? Die Griekse woorde wat hier gebruik is, *ta panta, is alles insluitend* en beteken “alles, die algehele” (*Strong's Dictionary*). Die Weymouth vertaling gee “alle dinge” dan ook weer as “*die heelal*”. *Alle dinge* sal onder die heerskappy van die opgewekte heiliges wat deur God se Koninkryk werk, geplaas word.

Met ander woorde, alhoewel alle dinge – die ganse heelal – tans nog nie onder die mensdom se beheer is nie, sal dit wees (Hebreërs 2:8)! Kan ons dit begryp? Net soos Christus aanvanklik die mens heerskappy gegee het oor die aarde, is Sy uiteindelijke doel dat ons oor die ganse heelal sal regeer! Op dieselfde wyse wat ons bedoel was om die aarde te bewerk en te verfraai, het God ons ook geroep om Hom by te staan om die verlate planete regdeur die ontsaglike heelal weer te vorm en te “beplant” (Jesaja 51:16).

Maar, waarom het God *die mens* geskape om Hom te help

om oor die aarde te heers – en oor die heelal?

### Sluit aan by die familie-besigheid

Toe God die man en vrou geskape het, het Hy hulle “na Sy beeld geskape” (Genesis 1:27). Terwyl die diere almal volgens die diersoort gemaak is, is die *mense volgens die “Godsoort” gemaak!* Alle lede van die menslike gesin wat deur God geskape is, kan regtens God se kinders genoem word. Deur die inwoning van die Heilige Gees en deur werklik *weer gebore te word*, kan menslike wesens deel word van God se geestelike gesin. Soos Jesus aan Nikodemus gesê het, “as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie” (Johannes 3:3).

Wanneer vind hierdie “tweede geboorte” plaas? Met die opstanding uit die dood! Jesus Christus het die “eersgeborene” uit die dood geword met Sy opstanding (Kolossense 1:18; Openbaring 1:5; Romeine 8:29). Aangesien Hy die “eerste” is, impliseer dit dat ander sal volg! Paulus verduidelik dat Christus “na die Gees van heiligheid met krag

verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode” (Romeine 1:4).

God wil graag die “familie-besigheid” met Sy kinders deel – heerskappy oor die ganse heelal! Menslike wesens se lotsbestemming is om in die gesin van God ingebore te word, “en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus” (Romeine 8:17).

Die ewige lewe – die grootste geskenk wat God aan Sy kinders kan bemaak – sal 'n groot en ontsagwekkende doel hê! Die ewige lewe is nie slegs vir nimmereindigende menslike bestaan nie. Dit is nie om aan te sluit by die “wêreldsiel” nie”. Dit is nie om vleeslike genot na te jaag of om selfs “hemelse saligheid” te bereik nie. As lede van die geestelike gesin van God, sal gehoorsame, getroue opgewekte heiliges in die werk en missie van die gesin deel – beheer oor en verfraaiing van die ganse heelal, in vrede en geregtigheid, vir altyd!

*Dank God vir ons ontsagwekkende lotsbestemming – en mag God die dag verhaas wanneer Sy plan vir elkeen van ons volledig sal wees!* **WYM**

# U uiteindelijke Lotsbestemming

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie te bekom!

# Waarom reik ons na dwelms?

Deur Douglas S. Winnail

*Is daar 'n verlore dimensie in ons lewens? Waarom reik so baie na dwelms vir 'n antwoord? Wat behoort u te doen?*

Die wêreld is oorspoel deur chemiese middels wat genot belowe – maar gevaar kan meebring. Miljoene mense dien hierdie potensieel dodelike middels self toe, ten spyte daarvan dat die risiko's goed gepubliseer en die noodlottige gevalle gedokumenteer is.

*Waarom* waag mense van alle ouderdomme sulke kanse? *Waarom* wil enigiemand *vrywilliglik* moeilikheid soek? U mag verras wees om te leer dat die beslissende sleutels om dwelmverslawing te verstaan en dit te bekamp, nie te vinde is in kliniese programme of mediese handboeke nie, maar in die Bybel! Die bewyse is ontnugterend – asook bemoedigend!

## Die Chemiese mynvelde

Indien iets ingesluk, ingespuut, ingeasem of deur die menslike liggaam geabsorbeer kan word, kan dit misbruik word! Slegs in die Verenigde State alleen, misbruik bykans 'n derde van die bevolking óf self dwelms óf ken iemand wat afhanklik is van chemiese middels! Ander lande sit met 'n soortgelyke probleem.

Alkohol het 'n genotvolle uitwerking omdat dit die spiere verslap en die brein verdoof

sodat bekommernisse tydelik verdwyn. Indien dit *matig* gebruik word, kan alkohol 'n heilsame uitwerking op die menslike liggaam hê. Die voortdurende misbruik daarvan teen 'n bedwelmdede vlak, benewel die oordeelsvermoë, vertraag refleksie, veroorsaak geheueverlies, beskadig die hart en lewer, verswak die immuunstelsel en veroorsaak geboorte-defekte. Dronkenskap word direk verbind met ongelukke, verlies aan werk, gewelddadige misdade en selfmoord. Kortliks – misbruik van alkohol dood en vermink. Dit ontwrig en vernietig die hele wese van die menslike samelewing.

Die gebruik van tabak is die “ernstigste en mees wydverspreide verslawende gewoonte in die wêreld en die grootste oorsaak van voorkombare sterfgevallen in ons samelewing” (*An Invitation to Health*, Hales, bl. 399). Rook word direk verbind met hartkwale, beroertes, long-, bors- en blaaskanker sowel as lugweg-siektes soos emfiseem, miskrame en – in die kinders van rokers – lae geboortegewig, geboorte defekte en verstandelike gestremdheid (*ibid.*, bl. 403-408). Die verhouding van rokers se

voortydige sterftesyfer is driemaal hoër as dié van nierokers en hul ervaar tot vyf keer meer hartaanvalle.

Miljoene mense gebruik wat hul beskou as “ontspannings-dwelms” – chemiese stowwe wat gebruik word vir genot en plesier. Onder hulle is LSD en PCP hallusinogene wat verstandelike persepsie verander en 'n gevoel van bomenslike krag meebring, nogtans kan hierdie dwelms gewelddadige gedrag ontketen, asook psigosomatiese aanvalle tot gevolg hê. Kokaine en amfetamines veroorsaak 'n tydelike gevoel van verhoogde energie en selfvertroue, maar beskadig die hart en brein. Ontwerpers dwelms soos ecstasy – 'n algemene gesig by “deurnag” danse, die sogenaamde “raves” – bring gevoelens van toegeneentheid en openlikheid mee, maar kan nogtans *permanente* skade aan breinselle aanrig en kan selfs die gebruiker dood (sien *Time*, 5 Junie 2000, bl. 62-73).

Bykans die helfte van die verdowingsmiddels wat in die VSA misbruik word, behels die misbruik van voorgeskrewe medikasie. Dit het nie net betrekking op opsetlike misbruik soos vervalste voorskrifte, mediese fondse-bedrog en

swartmark verkope nie, maar ook op foute van geneeshere self en toevallige misbruik van voorgeskrewe medikasie, veral deur bejaardes (sien *Perscription Drug Abuse: The Hidden Epidemic*, Colvin). Baie waarnemers het bekommerd geraak oor die verbasende toename in die gebruik van Ritalin, 'n medikasie wat slegs op voorskrif verkry kan word en wat algemeen deur geneeshere voorgeskryf word vir kinders wat gediagnoseer is met AAS (Aandag-afleibare Sindroom).

Kafeïen – die aktiewe bestanddeel in koffie, tee en 'n verskeidenheid koeldranke – is heel moontlik die “verdowningsmiddel wat die meeste in die wêreld gebruik word” (Hales, bl. 345). Die inname van groot hoeveelhede kafeïen word tentatief verbind met hartprobleme, knoppe in die bors en blaaskanker. Die inname van groot hoeveelhede kafeïen kan prikkelbaarheid, senuweeagtigheid, slaaploosheid en verstoring van die spysverteringstelsel veroorsaak. Voortdurende gebruik van drank wat kafeïen bevat, kan tot psigologiese en fisiese afhanklikheid lei (sien *Drugs, Society and Human Behavior*, Ray & Ksir, bl. 230-232).

### Koste verbonde aan misbruik

Baie van die chemiese stowwe wat algemeen gebruik word beskadig die brein, hart en longe van die gebruiker, asook die liggame van die gebruiker se

ongebore kinders. Die gebruik van dwelms dra by tot die hoofoorsake van sterftes in die wêreld – hartsiektes, beroerte en verskillende soorte kankers. Dwelmmisbruik plaas ook 'n geweldige finansiële las op die gemeenskap. Die totale beraamde koste verbonde aan dwelmmisbruik in Amerika, bedra meer as \$240 miljard per jaar (Colvin, bl. 100). Ook word in die VSA “een uit elke vyf hospitaalbeddens beset deur iemand waar dwelmmisbruik 'n bydraende faktor is” en bykans “50 persent van alle voorkombare sterftes hou op een of ander wyse verband met dwelmmisbruik” (*ibid.*). 'n Studie uitgevoer deur die Wêreldbank toon aan dat “die gebruik van tabak 'n wêreldwye jaarlikse netto verlies van \$200 miljard veroorsaak” (*World Health*, bl. 23). Dwelmmisbruik en die gevolge daarvan is 'n groot mediese en sosiale probleem.

*Waarom* gebruik en misbruik jonk en oud reg oor die wêreld egter gevaarlike chemiese stowwe wat onteenseglik die kapasiteit besit om ons breins, liggame, gesinne en uiteindelik ons hele samelewing te beskadig en te vernietig?

### Onderliggende oorsake

Geleerdes en joernaliste beweer dat dwelmmisbruik veroorsaak word deur armoede, 'n lae selfbeeld en geneties van aard kan wees. Daar word beweer dat dwelmgebruikers *slagoffers* van hul omgewing en van oorerwing is. Waarnemers

verklein of ignoreer dikwels belangrike bewyse wat duidelik in 'n *ander rigting dui*. Terwyl sommige mense wel 'n biologiese sensitiwiteit vir alkohol en ander chemiese stowwe mag hê, is daar ook 'n duidelik herkenbare *psigologiese aspek* verbonde aan dwelmmisbruik – dit behels die keuses wat elke individue self moet maak.

Talle studies wys daarop dat die meeste mense uit *nuuskierigheid* dwelms begin gebruik het. Baie word *gelok deur die illusie* dat die wonderlike stof 'n mens gelukkig, uitgaande en selfversekerd sal maak en ook betekenis aan 'n andersins doellose lewe sal gee. Andere soek weer na 'n manier om depressie te hanteer, of na 'n uitweg uit die sorg van die lewe of die eentonigheid van die daaglikse roetine (Hales, bl. 318). Baie mense begin om dwelms te gebruik en te misbruik vir sosiale redes – om in te pas of aanvaar te word, om 'n lae selfbeeld op te kikker, om 'n indruk op ander te maak en om *raakgesien te word*. Advertensies bevorder die verkeerde idee dat mens dwelms moet gebruik om genot uit die lewe te kan put. Miljoene ontvanklike mense sien die misbruik van dwelms uitgebeeld in rolprente en op televisie. Kultuur speel ook 'n belangrike rol in dwelmmisbruik. Die Russe word byvoorbeeld beskou “as die wêreld se strafste drinkers” – soos die direkteur van 'n kliniek in Moskou beweer, “as jy nie in



Rusland drink nie, is daar iets met jou verkeerd” (*World Press*, November 1997, bl. 44). Baie ander kulture deel hierdie sienswyse!

Die insiggewendste inligting wat tans beskikbaar is kom moontlik uit uitgebreide navorsing onder jong mense. Hulle risiko faktore is hoofsaaklik sosiaal en psigologies van aard – en *behels die invloed van ouers en maats*, wat die waardesisteen en gedrag van jong mense vorm. Diegene onderworpe aan meer risiko faktore sal meer geneig wees om dwelms te misbruik. Anders gestel, dwelmmisbruik neem toe wanneer individue gebrek het aan positiewe leiding en goeie rolmodelle, nie gesonde waardes handhaaf nie en 'n sterker verwantskap het met negatiewe maats as met ondersteunende ouers.

Navorsing toon aan dat jong mense wat assosieer met *nie-aanpasbare* maats wat betrokke is in 'n *afwykende subkultuur*, 'n groter geneigdheid sal openbaar om dwelms te misbruik as jong mense met persoonlikheidsprobleme of wat sosio-ekonomiese probleme ondervind (Ray & Ksir, bl. 13). Terwyl oorerwing 'n faktor mag wees in sommige mense wat 'n afhanklikheid aan dwelms mag ontwikkel, wil dit voorkom asof die *vormende invloed* van *omgewingsfaktore* 'n baie groter deurslaggewende rol speel.

### Werklike oplossings

Vandag oorheers die

mediese model van verslawing die denke van die grootste deel van die Westerse wêreld (sien *The Diseasing of America: Addiction Treatment Out of Control*, Peele). Hierdie model beweer dat mense wat chemiese middels misbruik, of wat verhoudings-verwante probleme het, slegs die slagoffers is van afwykende gene wat interne chemiese wanbalanse veroorsaak. Hierdie algemeen-aanvaarde teorie bevorder egter die *vals idee* dat “baie min mense beheer oor hulle lewens het ... Dit *verskoon ook wetteloosheid* deur die wilde vermenging van morele verantwoordelikhede en siekte diagnose” (Hales, bl. 18). Werklikwaar, baie van die “konvensionele wyskede” oor dwelmmisbruik ondermyn *persoonlike verantwoordelikhede*. Selfs die meeste programme wat poog om die vermoë in persone te kweek om “nee te sê” vir dwelmmisbruik, is in baie belangrike opsigte onvolledig.

Die bestudering van menslike gedrag het belangrike faktore geïdentifiseer wat verband hou met die *voorkoming* van dwelmmisbruik. Jong mense wat “godsdiensdig is, skool gereeld bywoon, goeie punte behaal, goeie verhoudings met hul ouers handhaaf en wat nie die wet oortree nie, is die studente wat die minste aantoon dat hulle drank en dwelms misbruik” (Ray & Ksir, bl. 13). Sodanige sterk waardes en positiewe gedrag word aanvanklik in die huis

aangekweek deur bevoegde en besorgde ouers en ander volwasse lede van die gesin. Die bevordering van positiewe waardes wat persoonlike verantwoordelikhede kweek – deur die regte onderrig, positiewe invloed van maats en deur 'n goeie voorbeeld – is 'n *geboekstaafde en bewese* metode om dwelmmisbruik te voorkom sowel as om dit te bekamp.

Die storie het egter meer om die lyf! Indien mense “nee moet sê” vir dwelms en ander riskante gedrag, sal hulle baie meer *onomstootlike redes* moet hê as slegs die begeerte om gesond te bly en om hul selfbeeld te verbeter. In 'n artikel in *Unesco Courier*, skryf Federico Mayor: “Om die aanvraag na dwelms te beveg, moet ons na die *wortel* van die probleem gaan en aan die lewe 'n *doel* gee ... ons moet aan jong mense nie slegs die middele bied om aan die lewe te bly nie, maar ook 'n *rede* om dit te doen” (Desember 1998, bl. 9). Jonk en oud moet ingelig word oor die persoonlike en sosiale gevolge van dwelmmisbruik en by hulle “weieringsvaardighede” ontwikkel om hul in staat te stel om nee te sê vir aanloklike maar nogtans gevaarlike situasies.

Op 'n meer fundamentele vlak is dit nodig dat ons elkeen die uiteindelijke rede verstaan waarom riskante en vernietigende gedrag vermy moet word. Daardie redes word nie in mediese handboeke of in handleidings oor behandeling gevind nie – hulle word in die

Bybel geopenbaar.

## Die Bybelse dimensie

Deesdae aanvaar mense die algemene filosofie dat, “as dit goed voel, doen dit!” – maar dit is 'n kortsigtige uitgangspunt met gevaarlike gevolge. In 'n betekenisselose wêreld het miljoene mense verslaaf geraak aan 'n soeke na nuwe en ander opwindings. Dit is tragies dat ons wêreldse samelewing die *geestelike aanwysings* weggegooi het wat tot in die fynste besonderhede nie slegs verduidelik *hoe* ons ons lewens moet leef nie, maar ook die rede *waarom* ons dit op dié besondere wyse moet leef. Die Bybel toon die weg aan om af te sien van dwelmmisbruik.

Die Heilige Skrif *openbaar* die *ware doel* van die lewe en ook die *werklike redes* waarom ons lewens op 'n besondere manier geleef moet word – deur te weet wanneer om *ja* te sê en wanneer om *nee* te sê. In Genesis leer ons dat die Skepper van die ganse heelal ons na Sy ewebeeld geskape het (Genesis 1:26-27) en dat ons alles wat God geskape het, moet *bewerk en versorg* (Genesis 2:15). Die Bybel sê ook dat die menslike liggaam “vreeslik wonderbaar” geskape is (Psalm 139:14). Christene besef dat hul liggame die “tempel van God is” en weet dat die Skrif waarsku “as iemand die tempel van God *skend*, sal God hom skend” (1 Korintiërs 3:16-17). *Persoonlike aanspreeklikheid* en om die

*gevolge van ons eie dade te dra*, is fundamentele temas regdeur die hele Skrif. God het ons 'n vrye keuse gelaat sodat ons kan leer om wyse besluite te neem (verwys na Deuteronomium 30:15-20). Ouers en leiers moet die jonger geslag leer hoe om 'n ware oorvloedige lewe te lei (Deuteronomium 4:6-10, 6:7; Spreuke 22:6). Jong mense moet geleer word – die regte voorbeeld moet aan hulle gestel word – dat God se Wette prakties is (Spreuke 3:1-2). Ervare volwassenes moet die volgende les oordra: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood” (Spreuke 14:12). Individue moet aangemoedig word om te “sorg dat jy op die regte koers bly, dan sal jy vastigheid in die lewe hê” (Spreuke 4:26, Lewende Bybel), om doelwitte te stel wat die moeite werd is (Mattheüs 6:33), om altyd hul beste te lewer (Prediker 9:10) en om hul vriende sorgvuldig te kies (Spreuke 1:10-19). Die pad na ware geluk behels die neem van wyse besluite (Spreuke 3:13-15) – nie die futiele gesoek na 'n chemiese stof wat betowerende verligting sal bring nie!

Die Bybel gee ook spesifieke riglyne aangaande die gebruik van gewoontevormende stowwe. Die Skrif waarsku by herhaling teen dronkenskap en die misbruik van alkohol (Spreuke 20:1; Romeine 13:13; 1 Korintiërs 5:11; 6:10; Efesiërs 5:17-18; 1 Petrus 4:1-3). Die Bybel erken egter ook die

helende eienskappe van alkohol (1 Timotheüs 5:23) en moedig die verantwoordelike gebruik daarvan op verskeie wyses aan (Deuteronomium 14:26; Prediker 9:7; Mattheüs 26:29). Die Bybel staan matigheid voor (Filippense 4:5). As daardie boodskap ontbreek, veral tuis, ontstaan probleme. Jong mense wat sien hoe die misbruik van alkohol en ander dwelms tuis verdra word, is geneig om maats te soek wat dieselfde dinge doen, wat tot voortgesette misbruik lei. Dit sal baie help om die misbruik van chemikalieë te voorkom deur die riglyne van die Bybel te volg!

Die Bybel gee ons nie net redes en spesifieke opdragte om die misbruik van dwelms te voorkom nie, maar gee ons ook persoonlike gevallestudies wat as waarskuwings dien. God het aan Salomo wysheid gegee (1 Konings 3:9-12), maar hy het klaarblyklik party lesse op die harde manier geleer – deur ondervinding! Salomo beskryf sy nuttelose pogings om geluk te vind deur enigefisiese genot wat sy hart ook al begeer, na te jaag – die spreekwoordelike wyn, (Prediker 2:3) vroue en sang. Sy eksperimente was 'n kolossale mislukking en hy het sy lewe begin haat (vers 17).

Watter les het Salomo uiteindelik geleer? “Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam Sy gebooe. Dit is wat van die mens verwag word. God sal *rekenskap eis* oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die

*Vervolg op bladsy 27*

# Behoort Christene die Sabbat te onderhou?

Deur Richard F Ames

*Kan 'n Christen maar op enige dag aanbid? Behoort Christene enige spesiale dae uit te sonder as gewyd of heilig?*

Verskillende godsdiensdienste sonder verskillende dae af as vakansiedae en tye van aanbidding. Terwyl die meeste van die wêreld se 2.1 miljard belydende Christene op Sondag aanbid, gedenk 1.3 miljard Moslems Vrydag as hulle weeklikse dag van aanbidding. Miljoene Jode gedenk die Sabbat – hulle dag van rus en aanbidding – van sonder op Vrydag tot sonder op Saterdag.

Maak dit saak watter dae ons gedenk? Gee God om wanneer ons Hom aanbid, solank ons Hom wel aanbid? Die meeste belydende Christene aanvaar eenvoudig wat hulle ouers of kerk hulle as tradisie geleer het. Totdat ek 'n jong volwassene was, is dit wat ek ook gedoen het. Toe ek 'n seuntjie was, het ek my ma gevra: “Waarom hou ons Sondag, terwyl die vierde gebod in die Bybel ons leer om die Sabbat, die sewende dag, te hou?” Sy het my 'n vae antwoord gegee wat ek op daardie tyd aanvaar het, maar kan u daardie vraag beantwoord? Watter dag is die Christelike Sabbat?

Waar kom vandag se belydende Christene aan die idee dat Sondag die Christelike

dag van aanbidding is? U mag geskok wees om te verneem dat sommige godsdiensdienste leer dat hulle kerk se tradisie meer outoriteit het as die Bybel! Let op hierdie stelling van die Anglikaanse teoloog Isaac William: “Waar in die Bybel word daar vir ons gesê om hoegenaamd die eerste dag te onderhou? Ons word beveel om die sewende te onderhou, maar nêrens word ons beveel om die eerste dag te onderhou nie ... Die rede waarom ons die eerste dag van die week heilig hou in plaas van die sewende, is om dieselfde rede waarom ons baie ander dinge onderhou, nie as gevolg van die Bybel nie, maar omdat die kerk dit gelas het” (*Plain Sermons on the Catechism*, vol. 1, bl. 334, 336).

Is William reg? Dra die Bybel – die Woord van God – minder gewig as kerktradisie? Watter voorbeeld het Jesus Christus self gestel? Let op wat die Bybel sê aangaande Jesus se eie gewoonte aan die begin van Sy bediening: “Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees” (Lukas 4:16).

Ja, dit was Jesus se gereelde gewoonte om op die Sabbat te aanbid. Watter dag van die week was dit? Sedert die tyd van Jesus, en ook eeue tevore, het die Joodse gemeenskap baie noukeurig hulle onderhouding van die sewende dag, die Sabbat aangeteken, van sonder Vrydag tot sonder Saterdag. Ons weet uit duisende dokumente wat noukeurig bewaar is, dat die sewe-dae siklus van die week nie onderbreek is nie. Diegene wat vandag op die sewende dag aanbid, doen dit op dieselfde dag as wat Jesus aanbid het!

Vra uself: Het Jesus Sy voorbeeld, deur die Sabbaten al die Bybel se voorskrifte te onderhou, vir ons gestel sodat ons nie nodig sou hê om dit self te doen nie? Skokkend, maar dit is wat baie predikers vandag verkondig! Het Jesus egter selfs net een keer aan Sy volgelinge gesê om Sy voorbeeld te ignoreer? Nee! Nie alleen het Jesus self die gebooie onderhou nie, Hy het ander beveel om dit ook te doen. Hy sê: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil

ingaan, onderhou die gebooie” (Mattheüs 19:17). Jesus se antwoord het duidelik getoon dat Hy van die Tien Gebooie praat.

### Paulus se voorbeeld

Ons het gesien dat dit Jesus se gewoonte was om die Sabbat te onderhou. Het die apostel Paulus – die “apostel aan die nie-Jode” – die Sabbat onderhou of het hy 'n voorbeeld gestel dat Heidense Christene dit nie hoef te doen nie? Onthou dat Paulus as Fariseër opgelei was en goed onderrig was in die Skrif. Toe Paulus in Griekeland was, in die stad Thessalonika, het hy vir drie agtereenvolgende Sabbatte vir die Jode in die sinagoge gepreek. Let daarop dat dit Paulus se gewoonte was – hy het gereeld op die Sabbat gepreek. “En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gesprek uit die Skrifte en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus” (Handelinge 17:2-3).

Ons sien dus dat Paulus gereeld vir die Jode op die Sabbat gepreek het. Het hy ook met die heidene (nie-Jode) op die Sabbat gepraat? Lees wat hy in die heidense stad Korinthe, Griekeland gedoen het: “En hy het elke sabbat in die sinagoge gesprek en Jode sowel as Grieke oortuig (Handelinge 18:4)! Ja, Paulus het vir die Heidene op die Sabbat gepreek!

Indien Paulus van Christene

verwag het om 'n Sondag te onderhou in plaas van die sewende dag, die Sabbat, kon ons van hom verwag om met Christene – of ten minste met die Heidene – op Sondag te praat. Is dit wat u Bybel wys hy gedoen het? Kyk na Paulus se voorbeeld in Antiochië, wat vandag Turkye is. Wat het gebeur na Paulus se gebruikelike Sabbatdiens aan beide Jode en Heidene in die sinagoge? “En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gesprek sou word” (Handelinge 13:42).

Indien Jesus of die Apostels die bevole dag van aanbidding na Sondag verander het, was hier 'n ideale geleentheid vir Paulus om aan die Heidene te sê: “Nee, julle hoef nie tot volgende Saterdag te wag nie, ons Christene aanbid nou op Sondag. Ontmoet ons môre!” *Maar, hy het dit nie gedoen nie!* Wat sê u Bybel? “En op die volgende Sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor” (Handelinge 13:44). Paulus het die Heidense Christene op die Sabbat onderrig! Hy het ook aan die Heidense Korintiërs opdrag gegee om sy voorbeeld te volg. Onthou Paulus se opdrag: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korintiërs 11:1). Ja, Jesus, Paulus en die Apostels het 'n voorbeeld vir alle Christene gestel deur hul onderhouding van die Sabbat!

### Waarom die verandering?

Aangesien die voorbeeld van Christus en die Apostels duidelik is, kan ons wonder: Wanneer het die “hoofstroom” Christendom begin om Sondag te onderhou in die plek van die Sewendedag-Sabbat as 'n rusdag? Kyk: “Tertullian (202 n.C.) is die eerste skrywer wat uitdruklik die Sondagrus noem: 'Ons moet egter (net soos tradisie ons geleer het), op die dag van die Here se Opstanding waak, nie slegs teen knieling nie, m a a r t e e n e l k e liggaamshouding en taak van sorgsaamheid en ons moet selfs ons sake uitstel sodat ons nie enige ruimte vir die duiwel laat nie” (Artikel: “Sunday”, *The Catholic Encyclopedia*). Dit het eers gebeur in 202 n.C., meer as 170 jaar na die dood, begraving en opstanding van Jesus Christus, die Messias!

Later, in die vierde eeu n.C., het die Romeinse keiser Konstantyn Sondagaanbidding regdeur sy ryk afgedwing. Konstantyn was 'n heidense sonaanbidder. Hy het die volgende edik in 321 n.C. uitgevaardig: “Laat alle landdroste en mense op die eerbiedwaardige dag van die Son ... rus” (Artikel: “Sunday Legislation”, *Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge*).

Ongehoorsaamheid aan die keiser se opdrag kon die dood beteken vir die Christene wat die Sabbat onderhou het. Slegs 'n paar jaar later het die Roomse kerk ook 'n skokkende verordening by die Raad van Laodicéa uitgevaardig. Dit

verklaar: “Christene moenie verjoods deur op die Sabbat te rus nie, maar moet op daardie dag werk en eerder op Sondag rus. Maar, indien enigeen wel verjoods [God se Sabbat onderhou], laat hulle van Christus geban verklaar word” (*A History of the Councils of the Church*, bl. 316). Christelike Sabbatonderhouers was toe gebrandmerk as ketters.

Die regering sowel as die kerke het teen die Christelike Sabbatonderhouers opgetree. Nogtans het die ware Christendom van die eerste eeu – wat nooit opgehou het om Christus se voorbeeld te volg deur die vierde gebod te gehoorsaam nie – tot vandag toe voortbestaan, ten spyte van vervolgings deur die eeue heen. Miljoene mense in Amerika vergeet vandag dat baie van die eerste Amerikaanse nedersetters die Atlantiese Oseaan in die 17e eeu oorgesteek het op soek na godsdienstvryheid in die Noord-Amerikaanse kolonies. Derduisende het na Rhode Island gegaan om voordeel te trek uit die kolonie se koninklike handves, in 1663 deur Koning Charles II van Engeland verleen, wat godsdienstvryheid in die kolonie gewaarborg het. Tot vandag word daardie handves in die Providence, Rhode Island se staatshuis vertoon.

Sewendedag Sabbatonderhouers was onder diegene wat na Rhode Island gegaan het in hulle soeke na godsdienstvryheid. Stephen Mumford en sy vrou wat in 1665 na

Newport, Rhode Island gegaan het, was die eerste aangetekende Christelike Sabbatonderhouers wat hulle in Rhode Island gaan vestig het. Ander het gevolg en teen 1729 het hulle groep so uitgebrei dat hulle 'n groter vergadersaal benodig het. Daardie saal, wat in 1729 gebou is, word steeds deur die *Newport Historical Society* bewaar.

Indien u ooit in Newport, Rhode Island is, mag u dalk graag daardie geskiedkundige gebou wil besoek. In die saal is 'n hoë kansel. Agter die kansel is twee groot plate met die Tien Gebooe daarop gegraveer. Onderaan die tweede plaat is die apostel Paulus se reguit stelling: “Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet” (Romeine 3:31). Ja, daardie Nuwe-Testamentiese Christene het hulle getrouheid aan Christus se stelling bevestig: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe”. Daardie Christene het reg verstaan dat Jesus se leringe daarop aandring dat Sy volgelingen die Tien Gebooe moet gehoorsaam en daarvolgens moet leef!

Sabbatariese kerk-oorkondes wat in Newport se Historiese Museum bewaar word, bevat lede se name en bydraes. Dit is veelseggend dat die kerk sigself in daardie rekords beskryf as sou hulle “God se gebooe onderhou, en die geloof van Jesus, en in die besonder die Here se Sewendedag-Sabbat”.

Sommige Sewendedag Sabbatonderhouers was in die 18de eeu vooraanstaande burgers van Rhode Island. Twee van die kolonie se goewerneurs – Richard Ward en sy seun Samuel – was Sewendedag Sabbatonderhouers. Selfs die eerste president van *Brown University* – James Manning – was 'n Sabbatariër!

### Die Sabbat voor Moses?

Sommige mense glo vandag dat onderhouding van die Sabbat as 'n Joodse gebruik by die berg Sinai ingestel was, toe Moses die kliptafels met die Tien Gebooe ontvang het. Is dit waar? Nee! Lees hoe u Bybel die “skeppingsweek” beskryf. Ons lees dat God man en vrou op die sesde dag geskape het. Wat het dan op die sewende dag gebeur? “So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak” (Genesis 2:1-3).

Ja, die Sewendedag-Sabbat is 'n herdenking van die skepping – dit wys na die ware God en ware Skepper van die heelal. Dit het sedert die skepping betekenis gehad en dit het vandag nog steeds diepliggende betekenis vir Christene, wat na die Sewendedag-Sabbat kyk as 'n

voorafskaduwing van Jesus Christus se duisendjarige regering op die aarde tydens die Millennium.

Waarop het Jesus aanspraak gemaak aangaande Sy verhouding tot die Sabbat? Het Hy gesê dat Hy Here is oor die Sondag – dat Sondag die Here se dag is? Nee! Jesus sê: “Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat” (Markus 2:27-28). Indien Jesus Here is van die Sabbat, watter dag is dan die dag van die Here? Sondag? Nee! Die Sabbat is die Here se Dag – Jesus het self so gesê! In der waarheid, verskyn die uitdrukking “die Here se dag” nie een maal in een van die Afrikaanse Bybelvertalings nie, terwyl die uitdrukking “the Lord's Day” slegs een maal in die Engelse vertalings voorkom, en wel in Openbaring 1:10. Daar verwys dit na die profetiese tydperk bekend as die Dag van die Here, wat Jesus se Wederkoms voorafgaan. Dit verwys nie na 'n dag van die week nie.

Die boek Hebreërs beeld die Sabbat uit as 'n voorafskaduwing van die aarde se duisendjarige rus, sowel as 'n herdenking van God se rus tydens die skepping. Aangaande die antieke Israeliete se ongehoorsaamheid onderweg na die beloofde land, lees ons: “Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek

nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God” (Hebreërs 4:8-9). Die oorspronklike Griekse woord vir “rus” in vers 9 is *sabbatismos*, wat “'n Sabbatonderhouding” beteken (sien *Vine's Expository Dictionary of Biblical Words*). Beide die Ou en die Nuwe Afrikaanse Vertalings vertaal vers 9 as “'n sabbatsrus”.

Ja, daar bly dus nog 'n Sabbatsrus vir God se mense oor, selfs vandag nog! Is dit egter bloot 'n simboliese rus, of is dit 'n letterlike Sabbatsrus? Indien u toegang het tot die *Anchor Bible Dictionary*, sal u self sien dat in ander kontekste, insluitend sekulêre Griekse geskifte wat nie van hierdie vers in Hebreërs afhanklik is nie, *sabbatismos* duidelik en letterlik “Sabbatonderhouding” of “Sabbatviering” beteken. Dit is nie te betwyfel dat hierdie vers 'n Nuwe-Testamentiese stelling oor 'n letterlike Christelike herdenking van die Sabbat is nie!

Indien Christene hulle werk moet staak, net soos God Sy werk gestaak het (Hebreërs 4:10), moet ons vra: Hoe het God Sy werk gestaak? Die Bybel gee aan ons die antwoord: “Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus” (Hebreërs 4:4).

Daar is niks te raai hier nie! Nuwe-Testamentiese Christene is veronderstel om te rus net soos wat God gerus het – op die sewende dag! Die Ou sowel as

die Nuwe Testament gee aan Christene die duidelike voorbeeld en opdrag om die Sabbatdag heilig te hou! Indien u die Bybel as u gesag beskou eerder as die een of ander kerktradisie wat daarop aanspraak maak dat dit die Bybel ongeldig kan verklaar, het u geen ander keuse nie! Wat beskou u dus as gesaghebbend?

### Bybel of tradisie?

Vroeër in hierdie artikel, lees ons van 'n Anglikaanse teoloog se duidelike bekentenis dat dit kerktradisie was, eerder as die Bybel, wat onderhouding van Sondag in die plek van die Sewendedag-Sabbat teweeg gebring het. Ander teoloë stem saam. Die welbekende Rooms-Katolieke teoloog James Cardinal Gibbons maak die volgende onbeskroomde stelling in sy boek *Faith of Our Fathers*: “U kan maar die Bybel lees van Genesis tot Openbaring en u sal nie 'n enkele reël vind wat die heiligmaking van Sondag magtig nie. Die Bybel dwing die godsdienstige onderhouding van Saterdag af, 'n dag wat ons nooit heilig nie”. Gibbons erken dat, indien die Bybel u gesag is, daar geen gronde is vir die onderhouding van Sondag nie. Die Skrif, skryf hy, dwing “die godsdienstige onderhouding van Saterdag af”. Gibbons erken dat dit die Raad van Laodicea was – nie die bladsye van u Bybel nie – wat in die vierde eeu

*Vervolg op bladsy 26*

# Vrae & Antwoorde

**Vraag:** Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie” (Johannes 6:44). Beteken dit dat daar sommige mense is wat God nie na Hom trek nie?

**Antwoord:** Baie mense verstaan hierdie vers verkeerd, omdat hulle nie besef dat God nie almal nou tot redding roep nie. God sal sekerlik uiteindelik redding bied aan almal wat ooit geleef het (Romeine 9:15; 1 Timotheüs 2:3-5). Hy begeer dat almal die ewige lewe moet ontvang en dat nie een moet vergaan nie (Johannes 3:16-17; 2 Petrus 3:9). Die Skrif maak dit egter duidelik, “daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie” (Handelinge 4:12). Hoe kan God dus Sy woord hou en nogtans al die miljarde mense wat alreeds gelewe en gesterwe het red sonder dat hulle ooit eens Sy Naam of van Sy Ware boodskap gehoor het?

Die Bybel vertel ons van 'n toekomstige tyd wanneer almal die ware Evangelie sal hoor en deur God geroep sal word (Openbaring 20:5, 11-12). Daardie tyd staan bekend as die “Groot Wit Troon Oordeel”. Dit sal nie 'n “tweede kans” wees nie – dit sal die tyd wees wanneer miljarde mense opgewek sal word tot fisiese lewe en vir die eerste keer die geleentheid gegun word om die naam van Christus en wat Hy verkondig het, te hoor.

God trek egter enkele persone na Hom toe in hierdie huidige tydperk. Hulle word die “eersteling” genoem (Jakobus 1:18). Hierdie Christene – individue wat God se Heilige Gees ontvang het om hulle te help om hul eie menslike natuur in hierdie huidige tydperk te oorwin en volgens God se weg te lewe – moet veg om nie slegs hul eie sondigheid te oorwin nie, maar ook die sondige invloed van die samelewing en van Satan, wat die Skrif “die god van hierdie wêreld” noem (2 Korinthiërs 4:4).

In teenstelling daarmee sal diegene wat deur God geroep word tydens die Groot Wit Troon Oordeel, in staat wees om hul vorige lewe – wat hulle tydens hierdie huidige tydperk geleef het onder die invloed van Satan, die samelewing en hul eie sondigheid – te vergelyk met die omstandighede in die duisendjarige vredetydperk waarin God hulle sal opwek, en die meeste sal verseker God se aanbod om redding en ewige lewe aanvaar.

Omdat hierdie eersteling moet “oorwin” in baie moeiliker omstandighede, belowe God aan hulle selfs 'n “beter opstanding” (Hebreeërs 11:35). Tydens Christus se Wederkoms, sal hulle lede van God se Gesin word en sal hulle Christus bystaan om oor die aarde tydens die Millennium te regeer, die duisendjarige periode wanneer die wêreld in vrede en eensgesindheid sal leef onder Christus se heerskappy, ter voorbereiding van die Groot Wit Troon Oordeel, wat aan die einde van die duisend jaar sal plaasvind. Na die Groot Wit Troon Oordeel sal alle menslike wesens wat die ware Evangelie gehoor het en dit nog steeds verwerp, heeltemal verbrand word in die poel van vuur – vir altyd vernietig in die “tweede dood” (Openbaring 20:14-15).

God verwag van Sy mense om die ware Evangelie te verkondig tot en met Christus se Wederkoms (Mattheüs 24:14, 46). Nogtans verstaan ons dat nie elke persoon wat 'n eksemplaar van die *Wêreld van Môre*-tydskrif optel, in hierdie tyd deur God “getrek” word nie. Vir hulle sal die artikels wat hulle lees slegs dien as 'n “getuie”, sodat hulle nie in die toekoms sal kan sê: “Niemand het my ooit vertel nie! God is onregverdig!”

God verwag van ons om te handel volgens wat Hy ons geleer het. Selfs nadat ons gedoop is, behou ons nog steeds ons vrye morele keuse. Redding is 'n gawe wat ons nooit kan “verdien” nie – ons kan egter daardie gawe verwerp as ons moedswillig teen ons Verlosser rebelleer. Indien u dus verstaan wat u in hierdie tydskrif lees, moet nie die wonderlike geleentheid wat God aan u bied, verbeur nie, die geleentheid om onder Sy eersteling gereken te word wat – as konings en priesters – die unieke voorreg sal geniet om onder Jesus Christus in die Millennium te heers. Hou aan om die *Wêreld van Môre*-tydskrif te lees en vergelyk wat u hierin lees met wat in u eie Bybel staan. Indien u reken dat u gereed is om gedoop te word, vra asseblief u gratis kopie van ons boekie, *Behoort u gedoop te word?* aan of kontak ons verteenwoordigers by een van die adresse gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif. **WvM**

# Profesie neem

## Jou bondgenote sal jou versaak

Professor Lawrence Mead het in Junie 2007 die jaarlikse John Bonython-lesing by die Sentrum vir Onafhanklike Studies in Sydney, Australië gelewer. Mead, 'n hoogsgerespekteerde professor in Amerikaanse regering en openbare beleid by New York se Universiteit, het opgemerk dat, wat hy die "Anglo-nasies" noem – die Verenigde State, Groot Brittanje, Australië, Kanada en Nieu-Seeland – vandag "ongeëwenaard" in die wêreld is. In sy aanbieding getiteld "Amerika sal seëvier", wys Mead daarop dat hierdie nasies die "rykste van alle lande [is] ... die steunpilaar van internasionale instellings wat toegewy is aan vrede en ontwikkeling ... beskik oor die kapasiteit om mag oorsee te kan projekteer wat geen ander lande kan ewenaar nie ... hulle bedryf min of meer die wêreld". Mead sluit af: "Amerikaanse oppermag is diepgewortel en dit is onwaarskynlik dat dit uitgedaag sal word ... ek sien geen einde daaraan in die nabye toekoms nie". Bybelse profesieë openbaar egter dat *dramatiese veranderinge aan die kom* is wat die Amerikaners en die nasies van Britse afkoms sal raak op ontnugterende en onverwagte wyses. Wêreldgebeure dui daarop dat hierdie antieke profesieë vandag besig is om *gestalte aan te neem!*

### Nasionale profesieë

Toe Moses die Israeliete uit Egipte gelei het, het God hom aangesê om 'n aantal profetiese waarskuwings te boekstaaf vir Sy "uitverkore" volk (Deuteronomium 7:6). Moses het aan die Israeliete gesê dat hulle geseën sal wees as hulle aan God se instruksies gehoorsaam is (Levitikus 26:1-13), en God se waarskuwing oorgedra: "Maar as julle nie na My luister ... as julle siel van my verordeninge 'n afsku het ... [sal] julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers ... Ek sal julle trotse mag verbreek" (Levitikus 26:14-19). Moses het nie net met die Jode gepraat nie; hy het met "die kinders van Israel" (Levitikus 24:2; 25:2; 27:2) gepraat. Die kinders (of "huis") van Israel het bestaan uit twaalf stamme (sien Numeri 10:11-28). Die Jode kom van die stam van Juda, maar elf ander stamme – afstammeling van die seuns van Jakob – gee opkoms aan ander nasies. (Vir meer inligting oor hierdie wesenlike onderwerp, vra asseblief vir ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*)

Moses het kort voordat die kinders van Israel die "Beloofde land" binnegegaan het, soortgelyke instruksies aan hulle herhaal, en hulle gewaarsku: "Maar as jy nie

luister na die stem van die HERE jou God ... Die HERE sal maak dat jy voor jou vyande verslaan word ... en jy sal 'n skrikbeeld vir al die koninkryke van die aarde word ... En jy sal 'n voorwerp van verbasing, 'n spreekwoord en 'n spot wees onder al die volke waarheen die HERE jou sal wegvooer" (Deuteronomium 28:15, 25, 37).

God se profete het eeue later soortgelyke waarskuwings herhaal. Jeremia boekstaaf, "huis van Jakob, en alle geslagte van die huis van Israel ... En jy het met baie minnaars gehoereer [deur te vertrou op bondgenote in plaas van op God] ... [jou] minnaars versmaad jou, hulle soek jou lewe" (Jeremia 2:4; 3:1; 4:30). Later het Jeremia hierdie ontnugterende profesie gemaak wat vooruit wys na die einde van hierdie tydperk, "dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob [benoudheid vir al die nasies wat van Jakob afstam] ... Al jou minnaars het jou vergeet, hulle vra nie na jou nie ... aan die einde van die dae sal julle dit verstaan" (Jeremia 30:7, 14, 24). Esegïël boekstaaf: "Daarom het Ek haar oorgegee [die tien stamme van Israel] in die hand van haar minnaars ... Ek verwek jou minnaars, van wie jou siel vervreemd geraak het, teen jou [Jode van Jerusalem]" (Esegïël 23:9, 22). Die boek van Klaagliedere beskryf Jerusalem,



# gestalte aan

“al haar vriende het troueloos teen haar gehandel, haar vyande geword ... Haar teëstanders het die oorhand gekry ... hulle het gelag oor haar ongelukkige uiteinde ... [sy sal sê] Ek het geroep na my liefhebbers – hulle het my in die steek gelaat” (Klaagliedere 1:2, 5, 7, 19).

## Antieke profesieë is moderne nuus

Baie mense vandag verstaan nie dat Bybelse profesieë dikwels tweeledig is nie. Baie profesieë wat 'n aanvanklike vervulling in antieke tye gehad het, sal 'n uiteindelijke vervulling in die toekoms hê, veral namate ons die einde van hierdie tydperk nader.

Die VSA is sekerlik besig om probleme oorsee te ervaar – met Irak, Iran, Rusland, China, Somalië, Noord Korea, Afganistan en ander nasies – tesame met weersverwante rampe tuis, groeiende finansiële tekorte en die dalende waarde van die dollar. 'n Voormalige amptenaar van die Bush-administrasie het gesê: “Dit is vir my moeilik om te dink aan enige ander moment in moderne tye waar daar soveel uitdagings gelyktydig hierdie land in die gesig gestaar het”. Madeleine Albright, voormalige Staats sekretaris van die VSA, het gesê dat haar nasie 'n

“behoorlike storm” in buitelandse beleid in die gesig staar (*The Washington Post*, 6 Julie 2006). Onlangse meningspeilings toon dat baie burgers van ander lande voel dat die Verenigde State “hoofsaaklik 'n negatiewe rol in die wêreld” speel “en kan nie vertrou word om verantwoordelik op te tree in die wêreld nie” (*BBC*, 23 Januarie 2007; *Agence France-Presse*, 17 April 2007). Die inval in Irak deur die VSA gelei – hoofsaaklik gesteun deur Anglo-nasies, maar teengestaan deur Europa, Rusland en China – is uiters ongewild, beide in Amerika en onder die VSA se bondgenote.

'n Artikel in *Newsweek* wat tot nadenke stem, “Die einde van Pax Americana”, merk op dat terwyl die VSA se ongeëwenaarde militêre mag aan baie nasies die stabiliteit gegee het om voorspoed en demokrasie te ervaar, die VSA nou die mag verloor om andere te dwing om sy leiding te volg. Die artikel kom tot die gevolgtrekking dat: “Gegewe die toenemende anti-Amerikaanse gevoel wat tans oorsee heers, kan die wegwyning van Pax Americana baie blydskap inisieer” (13 Desember 2006).

Die VSA se amptenare gaan voort om beide bondgenote en teenstanders te verbitter. Turkye – 'n NAVO-bondgenoot van die VSA – het aanstoot geneem toe

die VSA Kongres dit verlede jaar oorweeg het om die uitmoor van soveel as 1.5 miljoen Armeniërs in die kwynende jare van die Ottomaanse Ryk, as “volksmoord” te bestempel. As Turkye sou wegbreek van die VSA, sal Amerika noodsaaklike voorraadlyne na Irak verloor, wat tans deur lugmagbasisse in Turkye in stand gehou word (*Charlotte Observer*, 19 Oktober 2007). Chinese leiers was woedend toe die Amerikaanse president George W. Bush, die Kongres se goue medalje verlede Oktober toegeken het aan die Dalai Lama, die verbanne Tibettaanse Boeddhistiese leier wat vir dekades uiters uitgesproke was teen die Chinese beleid. China hou 'n groot deel van Amerika se buitelandse skuld, en hulle is besig om die wêreld se grootste vloot op te bou (sien *WorldTribune.com*, 19 September 2007). Indien die Chinese die bates wat hulle in Amerikaanse dollar besit, oorsakel na die euro, sal die Amerikaanse ekonomie en sy oorverspreide militêre mag in groot moeilikheid wees. In die Midde-Ooste oorweeg die huidige Israelse regering om Israel se vyande te paai deur Jerusalem te deel met die Palestyne – selfs terwyl Iran en sy Moslemse krygsbendes in Libanon, Sirië en die Palestynse Gebied daartoe verbind bly om

die Joodse nasie van Israel te vernietig (*Charlotte Observer*, 12 Oktober 2007; *IsraelINN.com*, 24 Oktober 2007). Regoor die wêreld is die eens hegte bondgenootskappe van die Israelitiese nasies besig om te versuur.

### Waarom probleme?

Waarom staar die nasies wat van antieke Israel afstam – wat God “uitverkies” en geseën het – vandag soveel skynbaar onhanteerbare probleme in die gesig? Waarom word vorige bondgenote van die VSA, Brittanje, Israel en ander Anglo-Saksiese nasies, teenstanders? Die antwoord is opgeteken in u Bybel se profesieë, wat voorspel

dat die Israelitiese nasies se bondgenote in die laaste dae teen hulle gaan draai. Deur Moses het God die Israeliete gewaarsku dat hulle hulle bondgenote gaan verloor, “as julle nie na My luister en al hierdie gebooe nie doen nie; en as julle My insettinge verwerp” (Levitikus 26:14-15). Moses het ook voorspel dat Israel van God sal afdwaal, en gewaarsku: “Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die *onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom*” (Deuteronomium 31:29). God bulder: “Omdat hulle My wet wat Ek hulle voorgehou het, *verlaat het* en na My stem nie geluister en daarin

nie gewandel het nie, maar gewandel het agter die verhardheid van hulle hart ... stuur [Ek] die swaard agter hulle aan totdat Ek hulle verteer het” (Jeremia 9:13-16). Hy sê: “Omdat jy My *vergeet het* en My agter jou rug gewerp het, so dra jy dan ook nou jou skandelige dade en jou hoererye” (Esegiël 23:35). Maar selfs indien die moderne afstammeling van antieke Israel nie betyds hulle weë verander om die gevolge van hulle dade vry te spring nie, **kan u** as individu begin om veranderings in u eie lewe te maak – indien u die waarskuwings *ter harte neem* van profesieë wat vandag begin *gestalte aanneem!*

—*Douglas S. Winnail*

## Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

### Vervolg vanaf bladsy 22 – Behoort Christene die Sabbat te onderhou?

veroorsaak het dat die belydende Christenwêreld verander het van die Sewendedag-Sabbat na 'n Sondagonderhouding.

Net so ook skryf die prominente predikant van die Suidelike Baptiste, Harold Lindsell, 'n voormalige redakteur van die tydskrif *Christianity Today*: “Daar is niks in die Bybel wat aan ons voorskryf om Sondag eerder as Saterdag as 'n heilige dag te gedenk nie”.

Wat behoort u te doen? U behoort u Bybel te bestudeer en dan te besluit of u volgens “elke woord van God” wil leef, soos Jesus ons herinner in Mattheüs

4:4 en Lukas 4:4. Jesus sê Hy is Here van die Sabbat. Hy het die Sewendedag-Sabbat gereeld onderhou en Hy het nie die wet oortree nie. Soos Hy sê, “As julle my gebooe bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooe van my Vader bewaar en in sy liefde bly” (Johannes 15:10). Sal u Jesus Christus se voorbeeld en die opdragte van u Bybel volg? Of sal u dit teenstaan ten einde die tradisies van mense te volg?

Indien u nog steeds enige twyfel het oor watter dag die Christelike Sabbat is, gee dan aandag aan wat u Bybel leer aangaande die toekomstige

Koninkryk van God, waar Jesus Christus oor alle volke op aarde sal regeer. “Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE” (Jesaja 66:22-23).

In God se Koninkryk sal almal die Sewendedag-Sabbat onderhou. Wat 'n wonderlike wêreld sal dit nie wees nie. Ware Christene voorafskadu vandag daardie tyd in hulle aanbidding.

WvM

**Vervolg vanaf bladsy 18 – Waarom reik ons na dwelms?**

geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad” (Prediker 12:13-14, NV). Salomo het hierdie beslissende rede verstaan om dwelmmisbruik te vermy – dat ons deur ons Skepper verantwoordelik gehou sal word vir al ons dade! Wanneer Jesus Christus terugkeer na hierdie aarde, sal Hy diegene wat geleer het om wyse besluite te neem en wat volgens die wette van God geleef het, beloon, maar Hy sal individue en nasies wat daardie wette verontagsaam het, straf (Mattheüs 25:31-34, Openbaring 11:18).

Dwelmmisbruik het die mensdom deur die eeue heen versondig. Navorsing toon egter

dat “dwelmlers suksesvol behandel kan word indien die *pasiënte gemotiveerd is en voel dat hulle iets het om voor te leef* ... Individue moet voel dat daar beter dinge in die lewe is as dwelms” (Hales, bl. 369). Die mediese uitgangspunt – deur dit slegs as 'n siekte te behandel – ignoreer die werklike oorsaak van die misbruik. Deur die misbruiker van 'n skuldgevoel ontslae te laat raak, ruim dit faktore uit die weg wat as sterk motivering kan dien om misbruik te vermy of om vernietigende gedrag te verander.

Die Bybel verduidelik dat God diegene sal beloon wat volgens Sy weë wandel en

persoonlike gedragsprobleme oorwin. Ons Skepper onthul nie net die ware doel van menslike lewe nie; Hy omskryf ook die weg wat na 'n gelukkige, gesonde, vervulde lewe lei. Wanneer daardie kennis in mense se lewens ontbreek, is dit geen wonder dat so baie onweerstaanbaar aangetrek word deur die versoeking om beneweld te raak nie! Diegene wat hul egter tot God wend, kan genees word van hul verslawing en ander probleme. Hulle kan deur Sy liefdevolle leiding te gehoorsaam, 'n vreugde in hul lewens vind soos wat geen dwelm dit ooit kan verskaf nie!

WvM

## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende  
Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis  
grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

In 'n ander profesie vir *ons tyd*, is Joël geïnspireer om te weeklag: “Tot U, o HERE, roep ek, want 'n **vuur** het die weivelde van die woestyn verteer, en 'n vlam het al die bome van die veld aan die brand gestee. Selfs die diere van die veld smag na U; want die waterstrome het opgedroog, en 'n **vuur** het die weivelde van die woestyn verteer” (Joël 1:19-20). Let op dat hierdie tragedie God se mense oorval *net voor* die geprofeteerde “dag van die HERE” (vers 15). Nuusberigte het verlede jaar se rekord-brekende veldbrande in Suidelike Karolina beskryf asof dit na “Armageddon” lyk.

“Maar”, sal baie mense sê, “hierdie verstourings wat met die weer verband hou, kom en gaan in siklusse. Dit sal spoedig eindig, en alles sal weer na *normaal terugkeer!*”

*Nee, vriende!*

Soos hierdie storms en veldbrande in intensiteit toeneem – met gepaardgaande massiewe **aardbewings** en **siekte-epidemies** (Lukas 21:11) – gaan God dit gebruik om ons te **verootmoedig** en af te **breek tensy ons mense berou tot bekering het!** God sal op baie verskillende maniere oor die volgende aantal jare die trots van die Amerikaners en die mense van

Britse afkoms “afbreek,” omdat ons God se seëninge ontvang het, maar nou het *ons die rug* op Hom *gekeer*.

Die opkomende mag van Islam is 'n derde onheilspellende probleem. Die meeste van u besef ongetwyfeld dat – deur die oorlog teen Irak te begin – die Verenigde State 'n “golf” van haat en wrewel ontketen het regoor die hele Moslem-wêreld wat omtrent 1.2 miljard mense geaffekteer het! Dit maak nie saak hoe President George W. Bush en sy raadgewers dit probeer voorstel nie, dit is besig om 'n “godsdienstige oorlog” te word – en radikale Moslemse imams maak deeglik hiervan gebruik. Dit word alreeds een van die langste, duurste en mees aftakelende oorloë in die Amerikaanse geskiedenis. God laat toe dat hierdie oorlog die VSA “breek” deur die Amerikaanse militêre mag te verswak en te demoraliseer. Dit verdeel die Amerikaners en help om die Amerikaanse nasie letterlik **bankrot** te maak!

Terwyl die stryd teen militante Islam in die Midde-Ooste voortwoed – en regoor die wêreld – sal ons die opkoms van die geprofeteerde “Koning van die Suide” waarneem (Daniël 11:40). Hierdie Moslemleier wat eersdaags gaan verskyn, sal die “Arabiese nasie” – soos dit somtyds genoem word – verenig en sal die leërs en wapentuig van baie Midde-Oosterse nasies saamvoeg tot 'n “pan-Arabiese ryk”. Hy sal hom dan verstout om die toekomstige Diermag in Europa uit te lok of aan te val. Die Diermag sal dan “op hom afstorm” met selfs meer gevorderde wapentuig.

Hierdie toekomstige “Koning van die Suide” sal ontstaan “suid” van Jerusalem, moontlik iewers in die gebied wat vandag Egipte en Saoedi-Arabië insluit. 'n Ander sleutel wataandui waar dit sal wees, is God se profesie oor wat sal gebeur wanneer die Dier die Koning van die Suide en sy bondgenote aanval: “En hy [die Dier] sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie. En hy sal mag hê oor die skatte van goud en silwer en oor al die kosbaarhede van Egipte, terwyl die Líbiërs en die Kusiete sy voetstappe volg” (Daniël 11:42-43).

Aangesien die Dier se woede hoofsaaklik

gemik sal wees *teen Egipte*, mag dit aandui *waar* die “Koning van die Suide” hom sal bevind. In elk geval is u en ek op pad na die mees skokkende, skrikwekkende, gruwelike jare in die menslike geskiedenis!

Namate 2009 vorder, is dit nodig dat u absoluut seker is dat u weet *waarvoor* om op die uitkyk te wees. Nadat Jesus die basiese **eindtyd**-gebeure beskryf het wat tot Sy Wederkoms lei, het Hy ons aangesê: “**Waak** dan en **bid** altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36). Ons hier by die *Wêreld van Môre* is “bewakers”. God het ons tot hierdie taak geroep om almal wat gewillig is en wat wil verstaan **hoekom**, te help **verstaan** wat eersdaags voorlê. Dit is nie altyd 'n aangename taak nie, omdat die “hoofdstroom” kerke werklik die absolute gesag van die Bybel **verwerp** om sodoende die “tradisionele” idees en praktyke van vandag se belydende Christelikheid te behou. God, in Sy genade, mag egter besig wees om u te roep om Sy woord, Sy profesieë vir ons tyd en Sy opperste **doel** vir u lewe *waarlik* te verstaan!

**Hou dus aan** om elke uitgawe van die *Wêreld van Môre* te lees – en selfs te **bestudeer**. Indien u binne 'n gebied is waar dit beskikbaar is, hou aan om na die *Wêreld van Môre* se televisie-programme te kyk en volg ons boodskap *in u eie Bybel*. Indien u toegang tot die Internet het, kan u altyd na ons beeldsendings aanlyn kyk enige tyd van die dag of nag by [www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org).

Onthou, soos ek dikwels sê: “Moenie my glo nie, maar glo wat u in die bladsye van *u eie Bybel* lees!” In elke uitgawe van die *Wêreld van Môre*-tydskrif gee ons u spesifieke inligting en bewyse van wat in wêreldgebeure plaasvind en hoekom. Ons hoop en bid opreg dat u die moeite sal doen om die waarheid van dit wat ons sê, te **beproof**. Ook dat u gewillig sal wees om te *handel* volgens God se kosbare Waarheid, sodat u die ware weg wat Jesus beskryf, mag vind om te kan “ontvlug”.

